

JAARBOEK 2006

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

NAGRAADS EN GEVORDERDE DIPLOMA

DEKAAN [waarnemend]

Prof. A.M. de Lange

Rig alle korrespondensie aan

Die Registrateur
Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520

Tel: (018)299-1111/2222

Faks: (018)299-2799

Internet: <http://www.nwu.ac.za>

U UNIVERSITEITSNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD

Die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, waaraan alle leerders hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel en is op die webblad beskikbaar.

Let wel: Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke leerder se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar 'n botsing by 'n leerder se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar.

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE: AMPSDRAERS

DEKAAN [waarnemend]

Prof. A.M. de Lange, Hons B.A. (PU vir CHO), M.A. (UNISA), Ph.D. (Rhodes).

ADMINISTRATIEWE BESTUURDER

Prof. J.E. Kruger, M.A., D.Phil. (PU vir CHO).

DIREKTEURE VAN SKOLE EN VAKGROEPVOORSITTERS

SKOOL VIR FILOSOFIE

Direkteur: Prof P.J.J.S. Potgieter, UDB, M.A., D.Phil. (PU vir CHO).

SKOOL VIR KOMMUNIKASIESTUDIES

Direkteur: Prof. P.J. Schutte, DTO, M.A., D. Litt. (PU vir CHO).

Vakgroep Grafiese Ontwerp en Illustrasiekuns: Mr. R. Strydom, NS. FA (VTT), B. Tech. FA (VTT).

Vakgroep Kommunikasiestudies: Dr L.M. Fourie M.A. (PU vir CHO), PhD (Noordwes-Universiteit).

Vakgroep Kunsgeskiedenis: Me. M.C. Swanepoel, M.A. (PU vir CHO).

SKOOL VIR MUSIEK

Direkteur: Mr. P.J. van der Merwe, Hons. B. Mus. (PU vir CHO), M. Mus. (Youngstown).

SKOOL VIR SOSIALE EN OWERHEIDSTUDIES

Direkteur: Prof. W.J. van Wyk, M.Admin. (UVS), D.Admin. (UNISA).

Vakgroep Geskiedenis en Sosiale Antropologie: Prof. G.J.J. Oosthuizen, H.O.D., M.A., Ph.D. (PU vir CHO).

Vakgroep Openbare Bestuur en Administrasie: Prof. G. van der Waldt, M.A., Ph.D. (US).

Vakgroep Politieke Studies: Prof. J.F. Kirsten, M.A., D.Phil. (PU vir CHO).

Vakgroep Sosiologie: Dr J.F. Cronje, Ph.D (PU vir CHO).

SKOOL VIR TALE

Direkteur: Prof. W.A.M Carstens, HOD, M.A., D.Litt. (US)

Vakgroep Afrikaans en Nederlands: Prof. H.J.G. du Plooy, M.A., D.Litt. (PU vir CHO).

Vakgroep Afrikatale: Dr. C.J. Venter, M.A., Ph.D. (PU vir CHO).

Vakgroep Duits: Prof. C.E. Hentschel, UOD, M.A., D.Litt. (PU vir CHO).

Vakgroep Engels en Vertaalkunde: Prof. M.J. Wenzel, HDB (UP), B.A. Hons. (US), M.A., Ph.D. (PU vir CHO).

Vakgroep Frans: Mr. O.L. Wittezaele, Licence d'anglais, French Deug, Baccalauréat, M. Phil. (Univ. Glasgow).

Vakgroep Latyn en Antieke Kultuur: Prof. M.R. Dirksen, B.A. Hons. (UP), M.A., D. Litt. (RAU).

Vakgroep Skryfkuns: Dr. S.F. Greyling, B.A. (PU vir CHO), Hons. B.A., B. Ed. (UP), HOD, M.A., Ph.D. (PU vir CHO).

DIREKTEURE : NAVORSINGSEENHEID EN VAN NAVORSINGSFOKUSAREA

NAVORSINGSEENHEID : TALE EN LITERATUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS
Direkteur: Prof. A.M. de Lange, Hons B.A. (PU vir CHO), M.A. (UNISA), Ph.D. (Rhodes).

NAVORSINGSFOKUSAREA 07: VOLHOUBARE SOSIALE ONTWIKKELING
Direkteur: Vakant

**ATKV-SKRYFSKOOL VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT,
POTCHEFSTROOMKAMPUS**

Direkteur: Prof. H.G.W. du Plessis, B.A. (UP), UOD., D.Litt. et Phil. (UNISA)

SENTRUM VIR KRETIWITEITSOPLEIDING

FAKULTEITSRAAD LETTERE EN WYSBEGEERTE

Dekaan [waarnemend]: Prof. A.M. de Lange, Hons B.A. (PU vir CHO), M.A. (UNISA), Ph.D. (Rhodes).

Administratiewe Bestuurder: Prof. J.E. Kruger

Akademiese Raad (SSR) (2)	Prof. Oosthuizen, G.J.J.
Prof. Carstens, W.A.M.	Prof. Pienaar, A.E.
Dr. Cronjé, J.F.	Prof. Potgieter, P.J.J.S.
Prof. De Lange, A.M.	Prof. Schutte, P.J.
Prof. Dirksen, M.R.	Mnr. Strydom, R.
Prof. Du Pisani, J.A.	Prof. Swanepoel, J.
Prof. Du Plessis, H.G.W.	Me. Swanepoel, M.C.
Prof. Du Plooy, H.J.G.	Prof. Tempelhoff, J.W.N.
Dr. Du Toit, M.M.	Dr. Van der Merwe, P.
Dr. Du Fourie, L.M.	Mnr. Van der Merwe, P.J.
Dr. Greyling, S.F.	Prof. Van der Waldt, G.
Prof. Groenewald, G.J.	Prof. Van der Walt, J.L.
Prof. Hentschel, C.E.	Prof. Van Wyk, W.J.
Prof. Jooste, S.J.	Dr. Venter, C.J.
Dr. Jordaan, P.J.	Prof. Venter, J.J.
Prof. Kirsten, J.F.	Prof. Viljoen, H.M.
Dr. Kruger, J.-L.	Prof. Wenzel, M.H.
Dr. Linde, H.M.	Mnr. Wittezaele, O.L.

Inhoudsopgawe

L.1	FAKULTEITSREËLS VIR DIE ONDERSKEIE KWALIFIKASIES.....	1
L.1.1	GESAG VAN DIE A-REËLS	1
L.1.2	NAVORSINGSEENHEID, NAVORSINGSFOKUSAREA, SKOLE EN VAKGROEPE IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE	1
L.1.3	SKOLE EN VAKGROEPE.....	1
L.1.4	NAVORSINGSEENHEID, NAVORSINGSFOKUSAREA, SKOLE EN VAKGROEPE	2
L.1.5	KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS.....	2
L.1.6	MODULEKODES EN KREDIETE.....	8
L.1.7	ERKENNING VAN VORIGE LEER	8
L.1.8	REGISTRASIE.....	9
L.1.9	REGISTRASIE VIR BYKOMENDE MODULES	9
L.2	REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM.....	10
L.2.1	DUUR VAN DIE STUDIE	10
L.2.2	SPESifieKE TOELATINGSVEREISTES VAN DIE KWALIFIKASIE	10
L.2.3	PROGRAM : AFRIKAANS EN NEDERLANDS	10
L.2.3.1	Kurrikulum: Afrikaans en Nederlands.....	10
L.2.3.2	Kurrikulum: Taalstudie	13
L.2.3.3	Kurrikulum: Literêre Studie.....	16
L.2.4	PROGRAMME : ENGLISH.....	20
L.2.5	PROGRAM : FILOSOFIE	22
L.2.6	PROGRAM: GESKIEDENIS.....	24
L.2.7	PROGRAM : KOMMUNIKASIESTUDIES	25
L.2.7.1	Kurrikulum: Kommunikasiestudies : Navorsingsgerig	25
L.2.7.2	Kurrikulum: Kommunikasiestudies : Beroepsgerig	27
L.2.8	PROGRAM : KUNSGESKIEDENIS	29
L.2.9	PROGRAM : LATYN	30
L.2.10	PROGRAM : MUSIEK	32
L.2.11	PROGRAM : TSWANA	33

L.2.12	PROGRAM : ZOELOE	35
L.2.13	EKSAMINERING	37
L.3	REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCA-LAUREUS ARTIUM (ONTWIKKELING EN BESTUUR)	39
L.3.1	DUUR VAN DIE STUDIE	39
L.3.2	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES VAN DIE KWALIFIKASIE	39
L.3.3	PROGRAM : ONTWIKKELING EN BESTUUR.....	39
L.3.3.1	Kurrikulum : Openbare Bestuur en Regering.....	39
L.3.3.2	Kurrikulum : Volhoubare Ontwikkeling	40
L.3.3.3	Kurrikulum: Openbare Bestuur en Regering.....	41
L.3.3.4	Kurrikulum: Openbare Bestuur en Regering.....	42
L.3.4	EKSAMINERING	43
L.3.4.1	Eksamengeleenthede	43
L.3.4.2	Samestelling van die deelnamepunt	43
L.3.4.3	Toelating tot die eksamen.....	43
L.3.4.4	Modulepunt	44
L.3.4.5	Slaagvereistes van 'n module en kurrikulum.....	44
L.3.4.6	Herhaling van modules	44
L.3.4.7	Terminering van studie.....	44
L.4	REËLS VIR MAGISTERGRADE	45
L.4.1	DUUR VAN DIE STUDIE	45
L.4.2	TOELATING EN REGISTRASIE	45
L.4.3	GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM	45
L.4.4	MAGISTERGRAADPROGRAMME IN DIE NAVORSINGSEENHEID: TALE EN LITERATUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS	46
L.4.4.1	PROGRAM : MAGISTER ARTIUM — AFRIKAANS EN NEDERLANDS	46
L.4.4.1.1	Kurrikulum : Afrikaans en Nederlands – (verhandeling).....	46
L.4.4.1.2	Kurrikulum : Afrikaans en Nederlands – (skripsie).....	47
L.4.4.1.3	Kurrikulum : Algemene Taal- en Literatuurwetenskap – (verhandeling)	49
L.4.4.1.4	Kurrikulum : Algemene Taal- en Literatuurwetenskap – (skripsie).....	50
L.4.4.1.5	Kurrikulum : Toegepaste Taalstudie – (skripsie).....	52
L.4.4.2	PROGRAMME : MASTER OF ARTS — ENGLISH	54
L.4.4.2.1	Curriculum : English Language and Literature — (dissertation)	54
L.4.4.2.2	Curriculum: Applied Language Studies — (mini-dissertation).....	55

L.4.4.3	PROGRAM : MAGISTER ARTIUM — TSWANA	56
L.4.4.3.1	Kurrikulum : Tswana – (verhandeling)	56
L.4.4.3.2	Kurrikulum : Tswana – (skripsie).....	57
L.4.4.4	PROGRAM : MAGISTER ARTIUM — ZOELOE.....	59
L.4.4.4.1	Kurrikulum : Zoeloe – (verhandeling)	59
L.4.4.4.2	Kurrikulum : Zoeloe – (skripsie)	60
L.4.5	MAGISTERGRAADPROGRAMME IN NAVORSINGSFOKUSAREA	
	7.2 : VOLHOUBARE SOSIALE ONTWIKKELING	62
L.4.5.1	PROGRAM : MAGISTER ARTIUM — GESKIEDENIS	62
L.4.5.2	PROGRAM : MAGISTER ARTIUM — KOMMUNIKASIESTUDIES.....	63
L.4.5.2.1	Kurrikulum : Korporatiewe Kommunikasie — (skripsie).....	63
L.4.5.2.2	Kurrikulum : Ontwikkelingskommunikasie — (skripsie).....	64
L.4.5.2.3	Kurrikulum : Kommunikasiestudies — (verhandeling)	66
L.4.5.2.4	Kurrikulum : Kommunikasiepraktyk.....	67
L.4.5.3	PROGRAM : MAGISTER ARTIUM — OPENBARE BESTUUR EN REGERING	68
L.4.5.4	PROGRAM : MAGISTER ARTIUM — POLITIEKE STUDIES	69
L.4.5.5	PROGRAM : MAGISTER ARTIUM — SOSIOLOGIE	69
L.4.5.6	PROGRAM : MAGISTER IN ONTWIKKELING EN BESTUUR	70
L.4.5.6.1	Kurrikulum : Openbare Bestuur en Regering — (skripsie).....	70
L.4.5.6.2	Kurrikulum : Volhoubare Ontwikkeling — (skripsie)	70
L.4.5.6.3	Kurrikulum : Openbare Bestuur en Regering — (sonder skripsie).....	71
L.4.5.6.4	Kurrikulum: Openbare Bestuur en Regering — (keusemodules of skripsie).....	72
L.4.5.6.5	Kurrikulum: Openbare Bestuur en Regering - (skripsie)	74
L.4.6	MAGISTERPROGRAMME BUISTE DIE NAVORSINGSEENHEID EN FOKUSAREA	74
L.4.6.1	PROGRAM : MAGISTER ARTIUM — FILOSOFIE.....	74
L.4.6.2	PROGRAM: MAGISTER ARTIUM — GRAFIESE ONTWERP [PRAKTYK]	75
L.4.6.3	PROGRAM : MAGISTER ARTIUM — KUNSGESKIEDENIS	76
L.4.6.4	PROGRAM : MAGISTER ARTIUM — LATYN.....	77
L.4.6.5	PROGRAM : MAGISTER MUSICAE	79
L.4.6.5.1	Kurrikulum : Musiekwetenskap — (verhandeling).....	79
L.4.6.5.2	Kurrikulum : Musiekwetenskap — (skripsie en modules).....	79
L.4.6.5.3	Kurrikulum : Uitvoerend — (skripsie en konsertprogramme)	80
L.4.6.5.4	Kurrikulum : Komposisie — (skripsie en komposisieportefeuilles).....	81
L.4.6.5.4.1	Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum.....	81
L.4.7	EKSAMINERING	81

L.4.7.1	Benoeming van eksaminatore.....	81
L.4.7.2	Toelating tot die eksamen	81
L.4.7.3	Deelnamepunt.....	81
L.4.7.4	Eksamen	82
L.4.7.5	Modulepunt	82
L.4.8	VEREISTES VIR 'N VERHANDELING/SKRIPSIE.....	82
L.4.9	TERMINERING VAN DIE STUDIE	82
L.5	REËLS VIR DOKTORSGRADE	83
L.5.1	DUUR VAN DIE STUDIE	83
L.5.2	TOELATING EN REGISTRASIE	83
L.5.3	DOKTORSGRAADPROGRAMME IN DIE NAVORSINGSEENHEID: TALE EN LITERATUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS	83
L.5.3.1	PROGRAM : PHILOSOPHIAE DOCTOR — AFRIKAANS EN NEDERLANDS.....	83
L.5.3.2	PROGRAMME : DOCTOR OF PHILOSOPHY — ENGLISH.....	86
L.5.3.3	PROGRAM : PHILOSOPHIAE DOCTOR — TSWANA	87
L.5.3.4	PROGRAM : PHILOSOPHIAE DOCTOR — ZOELOE	88
L.5.4	DOKTORSGRAADPROGRAMME IN NAVORSINGSFOKUSAREA 7.2 : VOLHOUBARE SOSIALE ONTWIKKELING	89
L.5.4.1	PROGRAM : PHILOSOPHIAE DOCTOR — GESKIEDENIS	89
L.5.4.2	PROGRAM : PHILOSOPHIAE DOCTOR — KOMMUNIKASIE- STUDIES.....	90
L.5.4.3	PROGRAM : PHILOSOPHIAE DOCTOR — OPENBARE BESTUUR EN ADMINISTRASIE	91
L.5.4.4	PROGRAM : PHILOSOPHIAE DOCTOR — POLITIEKE STUDIES	91
L.5.4.5	PROGRAM : PHILOSOPHIAE DOCTOR — SOSIOLOGIE	92
L.5.5	DOKTORSGRAADPROGRAMME BUITE DIE NAVORSINGSEENHEID EN FOKUSAREA	92
L.5.5.1	PROGRAM : PHILOSOPHIAE DOCTOR — FILOSOFIE	92
L.5.5.2	PROGRAM : PHILOSOPHIAE DOCTOR — KUNSGESKIEDENIS	93
L.5.5.3	PROGRAM : PHILOSOPHIAE DOCTOR — LATYN	94
L.5.5.4	PROGRAM : PHILOSOPHIAE DOCTOR — MUSIEK.....	95
L.5.5.5	PROGRAM: DOCTOR MUSICAE — MUSIEK	95
L.5.6	EKSAMINERING	96
L.5.7	VEREISTES VIR 'N PROEFSKRIF	96
L.5.8	INDIENINGSPROSEDURE	96
L.5.9	TERMINERING VAN DIE STUDIE	96

L.6	NAGRAADSE DIPLOMA IN FILOSOFIE.....	97
L.6.1	TOELATING EN REGISTRASIE	97
L.6.2	DUUR.....	97
L.6.3	PROGRAM : FILOSOFIE	97
L.6.4	EKSAMINERING	97
L.6.5	TERMINERING VAN STUDIE	98
L.7	ADVANCED UNIVERSITY DIPLOMA IN TEACHING OF ENGLISH TO SPEAKERS OF OTHER LANGUAGES (TESOL)	99
L.7.1	ADMISSION AND REGISTRATION.....	99
L.7.2	DURATION	99
L.7.3	PROGRAMME : TEACHING OF ENGLISH TO SPEAKERS OF OTHER LANGUAGES.....	99
L.7.4	EXAMINATION	100
L.7.5	TERMINATION OF STUDY	100
L.8	MODULE UITKOMSTE : HONNEURSGRADE	101
L.8.1	AFRIKAANS EN NEDERLANDS	101
L.8.2	ENGLISH	104
L.8.3	FILOSOFIE	107
L.8.4	GESKIEDENIS.....	109
L.8.5	KOMMUNIKASIESTUDIES	110
L.8.6	KUNSGESKIEDENIS	114
L.8.7	LATYN	116
L.8.8	MUSIEK	117
L.8.9	OPENBARE BESTUUR EN ADMINISTRASIE.....	118
L.8.10	TSWANA	119
L.8.11	ZOEOE	122
L.9	MODULE UITKOMSTE : MAGISTERGRADE.....	125
L.9.1	AFRIKAANS EN NEDERLANDS	125
L.9.2	ALGEMENE TAAL- EN LITERATUURWETENSKAP	125
L.9.3	ENGLISH	125
L.9.4	GRAFIESE ONTWERP	126
L.9.5	KOMMUNIKASIESTUDIES	126

L.9.6	MUSIEK	127
L.9.7	OPENBARE BESTUUR EN ADMINISTRASIE	127
L.9.8	TSWANA	129
L.9.9	ZOELOE	130
L.10	MODULE UITKOMSTE : NAGRAADSE DIPLOMA EN GEVORDERDE DIPLOMA	132
L.10.1	NAGRAADSE DIPLOMA IN FILOSOFIE.....	132
L.10.2	ADVANCED UNIVERSITY DIPLOMA IN TEACHING OF ENGLISH TO SPEAKERS OF OTHER LANGUAGES.....	133

i

FAKULTEITSREËLS VIR DIE ONDERSKEIE KWALIFI-KASIES

L.1.1 GESAG VAN DIE A-REËLS

Die fakulteitsreëls, wat ten aansien van die verskillende programme van hierdie Fakulteit geld en in hierdie fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met daardie Algemene Akademiese Reëls saamgelees word.

Die Algemene Akademiese Reëls verskyn op die Universiteit se Tuisblad <http://www.puk.ac.za> onder "Algemeen"/"Algemene Jaarboek"/ "Reëls", en gedrukte eksemplare daarvan kan in die Ferdinand Postma-biblioteek en by die Direkteur: Akademiese Administrasie geraadpleeg word.

L.1.2 NAVORSINGSEENHEID, NAVORSINGSFOKUSAREA, SKOLE EN VAKGROEPE IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte geskied opleiding ten opsigte van nagraadse diplomas en honneursgrade binne skool- en vakgroepverband.

Navorsing en opleiding in magister- en doktorale studie word gestructureer in die *Navorsingseenheid Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks* en *Fokusarea 7.2 [Volhoubare Sosiale Ontwikkeling]*. Aan die hoof van elk van hierdie instansies staan 'n navorsingsdirekteur. Hulle word bygestaan deur die direkteure van skole en die personeel van die onderskeie vakgroepe. In sommige gevalle geskied die opleiding en navorsing nie binne die navorsingsfokusarea en navorsingseenheid nie.

L.1.3 SKOLE EN VAKGROEPE

SKOOL	VAKGROEPE
Skool vir Filosofie	Filosofie
Skool vir Musiek	Alle Musiekvakke
Skool vir Kommunikasiestudies	Grafiese Ontwerp en Illustrasiekuns, Kommunikasiestudies, Kunsgeskiedenis.
Skool vir Sosiale en Owerheidstudies	Geskiedenis en Sosiale Antropologie, Openbare Bestuur en Administrasie, Politieke Studies, Sosiologie
Skool vir Tale	Afrikaans en Nederlands, Afrikatale, Duits, Engels en Vertaalkunde, Frans, Latyn en Antieke Kultuur, Skryfkuns.

L.1.4**NAVORSINGSEENHEID, NAVORSINGSFOKUSAREA, SKOLE EN VAKGROEPE**

NAVORSINGSEENHEID EN NAVORSINGSFOKUSAREA	SKOOL	VAKGROEPE
Navorsingseenheid : Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks	Skool vir Tale	Afrikaans en Nederlands Afrikatale Engels Skryfkuns
Navorsingsfokusarea 7.2: Volhoubare Sosiale Ontwikkeling Navorsingsfokusarea 7.2: Volhoubare Sosiale Ontwikkeling	Skool vir Sosiale en Owerheidstudies Skool vir Kommunikasiestudies	Geskiedenis Openbare Bestuur en Administrasie Politieke Studies Sosiologie Kommunikasiestudies
Buite die navorsingseenheid en die navorsingsfokusarea	Skool vir Tale Skool vir Filosofie Skool vir Kommunikasiestudies Skool vir Musiek	Latyn Filosofie Grafiese Ontwerp Kunsgeschiedenis Musiek

L.1.5**KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS****L.1.5.1**

Die Universiteit het die bevoegdheid om in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte die volgende kwalifikasies toe te ken:

NAGRAADSE DIPLOMA		
Kwalifikasie	Program/Kurrikulum	Kwalifikasie- en kurrikulum-kodes
Nagraadse Diploma in Filosofie (NDF)	Program: Filosofie	125 102
	Filosofie	L700P

GEVORDERDE DIPLOMA		
Kwalifikasie	Program/Kurrikulum	Kwalifikasie- en kurrikulum-kodes
Advanced University Diploma in Teaching of English to Speakers of Other Languages (TESOL)	Programme: English Teaching of English to Speakers of Other Languages	185 100 L710P
HONNEURSGRADE		
Kwalifikasie	Program/Kurrikulum	Kwalifikasie- en kurrikulum-kodes
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons BA)	Program: Afrikaans en Nederlands Afrikaans en Nederlands Taalstudie Literêre Studie	102 130 L600P L601P L602P
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons BA)	Programme: English English	102 131 L605P
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons BA)	Program: Filosofie Filosofie	102 132 L607P
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons BA)	Program: Geskiedenis Geskiedenis	102 133 L608P
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons BA)	Program: Kommunikasiestudies Kommunikasiestudies: navorsingsgerig	102 134 L611P
	Kommunikasiestudies: beroepsgerig	L612P

Kwalifikasie	Program/Kurrikulum	Kwalifikasie- en kurrikulum-kodes
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons BA)	Program: Kunsgeschiedenis	102 135
	Kunsgeschiedenis	L615P
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons BA)	Program: Latyn	102 136
	Latyn	L620P
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons BA)	Program: Musiek	102 137
	Musiek	L625P
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons BA)	Program: Tswana	102 138
	Tswana	L632P
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons BA)	Program: Zoeloe	102 139
	Zoeloe	L637P
Honneurs Baccalaureus Artium (Ontwikkeling en Bestuur) (Hons BA [O&B])	Program: Ontwikkeling en Bestuur	194 100
	Openbare Bestuur en Regering	L640P
	Volhoubare Ontwikkeling	L641P
	Openbare Bestuur en Regering	L642P
	Openbare Bestuur en Regering	L643P

MAGISTERGRADE IN DIE NAVORSINGSEENHEID : TALE EN LITERATUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

Kwalifikasie	Program/Kurrikulum	Kwalifikasie- en kurrikulum-kodes
Magister Artium (MA)	Program: Afrikaans en Nederlands	103 130
	Afrikaans en Nederlands (verhandeling)	L800P
	Afrikaans en Nederlands (skripsi)	L801P

Kwalifikasie	Program/Kurrikulum	Kwalifikasie- en kurrikulum-kodes
Magister Artium (MA)	Program: Afrikaans en Nederlands	103 130
	Algemene Taal- en Literatuurwetenskap (verhandeling)	L802P
	Algemene Taal- en Literatuurwetenskap (skripsi)	L803P
Magister Artium (MA)	Program: Afrikaans en Nederlands	103 130
	Toegepaste Taalstudie (skripsi)	L804P
Magister Artium (MA)	Programme: English	103 131
	English Language and Literature [dissertation]	L810P
	Applied Language Studies [mini-dissertation]	L811P
Magister Artium (MA)	Program: Tswana	103 140
	Tswana (verhandeling)	L855P
	Tswana (skripsi)	L856P
Magister Artium (MA)	Program: Zoeloe	103 141
	Zoeloe (verhandeling)	L860P
	Zoeloe (skripsi)	L861P

MAGISTERGRADE IN NAVORSINGSFOKUSAREA 7.2 : VOLHOUBARE SOSIALE ONTWIKKELING

Kwalifikasie	Program/Kurrikulum	Kwalifikasie- en kurrikulum-kodes
Magister Artium (MA)	Program: Geskiedenis	103 133
	Geskiedenis (verhandeling)	L820P
Magister Artium (MA)	Program: Kommunikasiestudies	103 134
	Korporatiewe Kommunikasiestudies (skripsi)	L825P
	Ontwikkelingskommunikasiestudies (skripsi)	L826P
	Kommunikasiestudies (verhandeling)	L827P
	Kommunikasiestudiespraktik	L828P
Magister Artium (MA)	Program: Openbare Bestuur en Regering	103 137
	Openbare Bestuur en Regering (verhandeling)	L840P
Magister Artium (MA)	Program: Politieke Studies	103 138
	Politieke Studies (verhandeling)	L845P
Magister Artium (MA)	Program: Sosiologie	103 139
	Sosiologie (verhandeling)	L850P

Kwalifikasie	Program/Kurrikulum	Kwalifikasie- en kurrikulum-kodes
Magister in Ontwikkeling en Bestuur (MOB)	Program: Ontwikkeling en Bestuur	195 100
	Openbare Bestuur en Regering (skripsie)	L865T
	Volhoubare Ontwikkeling (skripsie)	L866P
	Openbare Bestuur en Regering	L867T
	Openbare Bestuur en Regering	L868T
	Openbare Bestuur en Regering	L869P
MAGISTERGRADE BUISTE DIE NAVORSINGSEENHEID EN NAVORSINGSFOKUSAREA		
Kwalifikasie	Program/Kurrikulum	Kwalifikasie- en kurrikulum-kodes
Magister Artium (MA)	Program: Filosofie	103 132
	Filosofie (verhandeling)	L815P
Magister Artium (MA)	Grafiese Ontwerp	103 134
	Grafiese Ontwerp [Praktyk]	L829P
Magister Artium (MA)	Program: Kunsgeschiedenis	103 135
	Kunsgeschiedenis (verhandeling)	L830P
Magister Artium (MA)	Program: Latyn	103 136
	Latyn (verhandeling)	L835P
Magister Musicae (MMus)	Program: Musiek	117 106
	Musiekwetenskap (verhandeling)	L870P
	Musiekwetenskap (skripsie)	L871P
	Musiek: Uitvoerend (skripsie en musiekvoordrag)	L872P
	Musiek: Komposisie (skripsie en komposisie)	L873
DOKTORSGRADE IN DIE NAVORSINGSEENHEID : TALE EN LITERATUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS		
Kwalifikasie	Program/Kurrikulum	Kwalifikasie- en kurrikulum-kodes
Philosophiae Doctor (PhD)	Program: Afrikaans en Nederlands	104 111
	Afrikaans en Nederlands (proefskrif)	L900P
	Algemene Taal- en Literatuurwetenskap (proefskrif)	L901P

Kwalifikasie	Program/Kurrikulum	Kwalifikasie- en kurrikulum-kodes
Philosophiae Doctor (PhD)	Programme: English	104 112
	English (thesis)	L905P
Philosophiae Doctor (PhD)	Program: Tswana	104 122
	Tswana (proefskrif)	L955P
Philosophiae Doctor (PhD)	Program: Zoeloe	104 123
	Zoeloe (proefskrif)	L960P

DOKTORSGRADE IN NAVORSINGSFOKUSAREA 7.2 : VOLHOUBARE SOSIALE ONTWIKKELING

Philosophiae Doctor (PhD)	Program: Geskiedenis	104 114
	Geskiedenis (proefskrif)	L915P
Philosophiae Doctor (PhD)	Program: Kommunikasiestudies	104 115
	Kommunikasiestudies (proefskrif)	L920P
Philosophiae Doctor (PhD)	Program: Openbare Bestuur en Administrasie	104 119
	Openbare Bestuur en Administrasie (proefskrif)	L940P
Philosophiae Doctor (PhD)	Program: Politieke Studies	104 120
	Politieke Studies (proefskrif)	L945P
Philosophiae Doctor (PhD)	Program: Sosiologie	104 121
	Sosiologie (proefskrif)	L950P

DOKTORSGRADE BUISTE DIE NAVORSINGSEENHEID EN NAVORSINGSFOKUSAREA

Kwalifikasie	Program/Kurrikulum	Kwalifikasie- en kurrikulum-kodes
Philosophiae Doctor (PhD)	Program: Filosofie	104 113
	Filosofie (proefskrif)	L910P
Philosophiae Doctor (PhD)	Program: Kunsgeschiedenis	104 116
	Kunsgeschiedenis (proefskrif)	L925P
Philosophiae Doctor (PhD)	Program: Latyn	104 117
	Latyn (proefskrif)	L930P
Philosophiae Doctor (PhD)	Program: Musiek	104 118
	Musiek (proefskrif)	L935P

Kwalifikasie	Program/Kurrikulum	Kwalifikasie- en kurrikulum-kodes
Doctor Musicae (DMus)	Program: Musiek	106 102
	Musiek (konsertprogramme en skryfstuk)	L936P

L.1.5.2 *Kwalifikasie* dui op die onderskeie grade, diplomas en sertifikate wat in die fakulteit aangebied word. Kwalifikasies is onderverdeel in verskillende *programme* en vir elke program is een of meer *kurrikulum* opgestel waarvolgens leerders hulle vakkeuses uitoefen.

L.1.5.3 *Kurrikulums* het 'n nommer van die aard L605P, en 'n leerder regstreer vir 'n bepaalde program by die aanvang van die studie. Die voorgeskrewe *modules* in die kurrikulum moet tot aan die einde van die studie geneem word. Verandering van een kurrikulum na 'n ander kan deur die Fakultetsraad oorweeg word. Die leerder moet dan skriftelik aansoek doen vir erkenning van modules wat in die vorige kurrikulum geslaag is.

L.1.6 MODULEKODES EN KREDIETE

- a) Vakke word aangebied volgens *modules* waaraan bepaalde kredietwaardes toegeken is.
- b) Modules het 'n kode en 'n beskrywende naam, byvoorbeeld ENG671, waarvan die betekenis van die syferkodes in Algemene Reël A.1.38 verstaanbaar is.
- c) Modules dra elkeen 'n bepaalde "gewig" bekend as 'n *kredietpunt* (Algemene Reël A.1.29).

L.1.7 ERKENNING VAN VORIGE LEER

- a) Die Noordwes-Universiteit aanvaar die beginsel onderliggend aan uitkomsgerigte, brongebaseerde en lewenslange leer, waarin oorwegings van artikulasie en mobiliteit 'n betekenisvolle rol speel, en onderskryf die siening dat erkenning van vorige leer, hetsy dit in formele onderrigprogramme by hierdie of 'n ander instelling, of informeel (deur ervaring) opgedoen is, onontbeerlike element by die besluit oor toelating tot en kredietverlening met die oog op plasing binne 'n uitdruklik gekose onderrigleerprogram van die Universiteit uitmaak.
- b) By die erkenning van vorige leer handel dit oor die bewysbare kennis en leer wat 'n aansoeker opgedoen het, hetsy deur formele onderrigprogramme te deurloop, of deur ervaring. Te alle tye sal die vraag wees watter vlak van vaardigheid, beoordeel in die konteks van die uittreevlakvaardighede wat vereis word vir die beoogde onderrigleerprogram of modules daarbinne, of status waarvoor die aansoeker aansoek doen, en nie bloot om die ervaring wat 'n aansoeker kan boekstaaf nie. Erkenning van vorige leer geskied dus in terme van die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker in die aansoek gedemonstreer het, met inagneming van die uittree-uitkomste wat met die gekose onderrigleerprogram bereik moet word.

- c) Die Noordwes-Universiteit aanvaar dat die erkenning van vorige leer binne die normale, bestaande beleid oor die toelating van kredietverlening aan voornemende of bestaande leerders – hetsy van hierdie of 'n ander instelling – op 'n geldige, betroubare en billike wyse kan en moet geskied.
- d) Vir die hantering van 'n aansoek om erkenning van vorige leer is daar 'n nie-terugbetaalbare administratiewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar.
- e) Leerders moet skriftelik aansoek doen om die erkenning van vakke/modules wat reeds aan hierdie Universiteit of aan 'n ander geslaag is.
- f) Die modules van 'n hoofvak(ke) van 'n kwalifikasie wat reeds toegeken is, kan nie vir 'n tweede kwalifikasie aangebied word nie.
- g) 'n Leerder wat nie die program waarvoor hy ingeskryf het, kan voltooi nie, kan skriftelik by die registrator aansoek doen vir die toekenning van 'n ander kwalifikasie, waarvoor wel die nodige krediete verwerf is.
- h) Die proses vir erkenning van vorige leer is in Algemene Reël A.4.2.1.3 gestel.

L.1.8 REGISTRASIE

- a) *Registrasie* is die voorgeskrewe voltooide proses wat 'n leerder deurloop het om as leerder van die Universiteit te regstreer (Algemene Reëls A.1.45 en A.5).
- b) Voornemende nagraadse leerders moet hulle voorname ooreenkomstig die prosedure voorgeskryf in **Handleiding vir Nagraadse Studie**, met die dekaan/navorsingsdirekteur en die toepaslike skooldirekteur opneem, met die oog op formele toelating tot die beoogde program (Algemene Reël A.4.1.3).

L.1.9 REGISTRASIE VIR BYKOMENDE MODULES

'n Leerder kan in enige studiejaar, benewens die vereiste modules van die betrokke program, bykomende modules neem ooreenkomstig die bepalings in Algemene Reëls A.1.3 en A.5.8.

REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM

Die studie kan **voltyds of deeltyds** gedoen word.

Vir die volgende Hons BA-programme moet die jaarboeke van die onderskeie fakulteite, soos aangedui, geraadpleeg word	
Bedryfsielkunde	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Bedryfsoziologie	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Bybelkunde	Teologie
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Geografie en Omgewingstudie	Natuurwetenskappe
Menslike Bewegingskunde	Gesondheidswetenskappe
Psigologie	Gesondheidswetenskappe
Rekenaarwetenskap	Natuurwetenskappe
Rekreasiekunde	Gesondheidswetenskappe
Toerismebestuur	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Wiskunde	Natuurwetenskappe

L.1.10 DUUR VAN DIE STUDIE

Die minimum duur van studie is een jaar en die maksimum duur is drie jaar vir voltydse en deeltydse studie bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.

L.1.11 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES VAN DIE KWALIFIKASIE

- Die reëls vir toelating tot hierdie kwalifikasie geskied volgens die bepalings van Algemene Reël A.12.1. Spesifieke toelatingsvereistes ten opsigte van die onderskeie programme en kurrikulums word in die reëls van die programme en kurrikulums gestel.
- Leerders wat nie oor 'n B-graad as toelatingsvereiste tot die honneursgraad beskik nie, kan met skriftelike toestemming van die dekaan tot die honneursgraad toegelaat word indien hoogstens een nie-fundamentele module geslaag moet word vir die verwerwing van die B-graad, met dien verstande dat die ontbrekende module nie 'n module van vlak twee of hoër vlakke mag wees nie, en met dien verstande verder dat die ontbrekende module nie 'n module mag wees van die vak waarin die leerder aansoek doen om toelating tot die honneursstudie nie. Leerders wat hoogstens twee fundamentele modules kort vir die verwerwing van die B-graad kan tot die honneursstudie toegelaat word. 'n Leerder mag in alle gevalle nie meer as drie modules kort vir die B-graad vir toelating tot honneursstudie nie.

L.1.12 PROGRAM : AFRIKAANS EN NEDERLANDS

L.1.12.1 Kurrikulum: Afrikaans en Nederlands

L.1.12.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum

Bykomend tot die Algemene Reël A.12.1 geld die volgende:

- Registrasie vir honneursstudie moet nie later nie as 31 Januarie geskied.

- b) 'n B-graad of gelykwaardige kwalifikasie word vereis waarin die volgende modules of die ekwivalente daarvan geslaag is: AFNL 121, 211, 221, 311, 321 of AFNT 121, 211, 221, 311, 321. AFNL 311, 321 of AFNT 311, 321 moet met 'n gemiddeld van 60% geslaag word. Leerders wat beplan om die honneurskursus in Afrikaans en Nederlands te volg, word baie sterk aangeraai om een van die volgende elektiewe modules by hulle voorgraadse kursus in te sluit: AFNE211, AFNE213. Van 'n leerder wat AFNT 121, 211, 221, 311 321 geslaag het, kan verwag word om AFNE211 as deel van sy/haar kurrikulum te neem.
- c) Van die volgende kategorieë leerders kan verwag word om verpligte kursuseenhede te neem en/of 'n toelatingstoets af te lê: (a) leerders wat aan 'n ander universiteit die eerste B.-graad verwerf het; en (b) leerders wat Afrikaans en Nederlands as hoofvak geneem het, maar nie 'n gemiddelde punt van 60% opvlak 3 behaal het nie.
- d) 'n Voorvereiste vir die neem van die honneursmodules AFLW671, AFLW672 en AFTW671 is die slaag van enige taal tot op derdejaarsvlak.

L.1.12.1.2 Kurrikulumuitkomste

Die onderstaande uitkomste is generies vir taalkurrikulums op hierdie vlak. Die uitkomste word in die verskillende kurrikulums verbesonder volgens die fokus van die kurrikulum (taal- of letterkunde), die aard van die vak, die taal en die letterkunde wat bestudeer word.

- a) Die inwin van wetenskaplike feitekennis, insig in die samehang van verbandhoudende sake deurdat op interdissiplinêre wyse omgegaan is met die akademiese aanbod.
- b) Die vermoë om probleme op kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos.
- c) Die vermoë om kennis selfstandig te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te analyseer, te integreer en gefundeerd te kan evalueer.
- d) Die leerder moet 'n doeltreffende leerder wees wat die noodaakklikheid van lewenslange leer besef.
- e) Die vermoë om 'n eie denkkraamwerk te kan verwoord en te verantwoord met verwysing na die Christelike en ander lewensbeskouings.
- f) Die vermoë om die geselekteerde werke, outeurs of verskynsels uit die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde te kan beskryf, literêr-histories te kan plaas en te kan ontleed.
- g) Die vermoë om die linguistiese aard van Afrikaans te ken en te beheers.
- h) Die vermoë om verskeie literêre en linguistiese teorieë te ken en te beheers.
- i) Die vermoë om krities met die metodologieë van verskillende teorieë te kan omgaan.
- j) Die vermoë om op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n eie linguistiese oordeel te vorm en te formuleer.
- k) Die vermoë om die waarde van taal en literatuur te kan oordra in beroepsituasies.

- I) Die vermoë om die kulturele verskeidenheid van SA en die wêreld in die talige en literêre verskynsels te herken, te begryp en te kan oordra aan ander.

L.1.12.1.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die program kan leerders toegelaat word tot die magistergraad in Afrikaans en Nederlands of in Algemene Taal- en Literatuurwetenskap of in Toegepaste Taalstudie.

L.1.12.1.4 Ander reëls

- a) Die verskillende modules waaruit 'n leerder kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die Vakgroep Afrikaans en Nederlands volgens sy bepaalde omstandighede in 'n betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier 'n rol speel.
- b) Onder bepaalde omstandighede en met goedkeuring van die onderskeie direkteure van skole kan 'n leerder toegelaat word om een module uit 'n aanverwante vak as deel van die kurrikulum onder die hoof *capita selecta* aan te bied. Raadpleeg in hierdie verband die betrokke vakgroepvoorsitter.
- c) Leerders wat *Afrikaanse Skryfkuns* (AFNL676) wil neem, is in alle gevalle onderhewig aan keuring op grond van die voorlegging van 'n oorspronklike skryfstuk. *Nader vroegtydig die voorsitter van die Vakgroep Skryfkuns in hierdie verband.*
- d) 'n Leerder moet voor die aanvang van die honneursstudie by die voorsitter van die Vakgroep Afrikaans en Nederlands op die voorgeskrewe vorm aansoek doen om keuring.
- e) Die samestelling van die leerder se honneurskurrikulum is in alle gevalle onderhewig aan die finale goedkeuring van die voorsitter van die Vakgroep Afrikaans en Nederlands asook die direkteur van die Skool vir Tale.

L.1.12.1.5 Kurrikulum : L600P : Afrikaans en Nederlands

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
AFNL611	Navorsingsmetodologie	8
AFNL671	Poësie en interteks	24
AFNL672	Afrikaanse verhalende tekste	24
AFNL673	Drama, teks en teater	24
AFNL674	Aspekte van die Nederlandse letterkunde	24
AFNL675	Afrikaanse en Nederlandse kinder- en jeug-literatuur	24
AFNL676	Afrikaanse skryfkuns	24
AFNL678	Afrikaansonderrig	24
AFNG671	Afrikaanse taalpraktyk	24
AFNG672	Afrikaanse taalkunde: temas en tendense	24

AFNG673	Sosiolinguistiek	24
Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
AFNG674	Tekslinguistiek	24
KEUS677	<i>Capita selecta</i>	24
AFLW671	Benaderingswyses van die literatuurwetenskap	24
AFLW672	Narratologie: Roman en film	24
AFTW671	Taal en tegnologie	24
Krediettotaal vir die program		128

Voorskrifte vir die samestelling van die kurrikulum:

- i) 'n Leerder moet minstens VYF modules van 24 krediete elk neem.
- ii) In alle gevalle moet AFNL611 (8 krediete) ook by die kurrikulum ingesluit word.
- iii) Leerders word toegelaat om *een* module onder die hoof *capita selecta* (KEUS677) met 'n krediettotaal van nie minder nie as 24 uit 'n aanverwante vakgebied te neem en moet vir daardie spesifieke module regstreer, bv. ENGH677.
- iv) As 'n meerderheid modules uit die letterkunde gekies word, is AFLW671 (Benaderingswyses en metodes van die literatuur) **verpligtend** en behoort die kursus AFNL674 (Aspekte van die Nederlandse letterkunde) ook ingesluit te word.

L.1.12.2

Kurrikulum: Taalstudie

Hierdie kurrikulum het ten doel om aan leerders wat reeds vroeg in *taalkunde* wil spesialiseer, die geleentheid te bied om dit wel te doen. Idealergewys sal die samestelling van 'n kurrikulum in hierdie kursus die leerder die geleentheid bied om reeds op honneursvlak in te skakel by die besondere taalkundenavorsingsrigtings van die navorsingseenheid in die NKR 04-veld *Tale en literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks*.

L.1.12.2.1

Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum

Bykomend tot die Algemene Reël A.12.1 geld die volgende:

- a) Registrasie vir honneursleerders moet nie later nie as 31 Januarie geskied.
- b) 'n B.-graad of gelykwaardige kwalifikasie word vereis met minstens een van die volgende vakke op derdejaarsvlak (wat met 'n gemiddeld van minstens 60% geslaag moes gewees het): Afrikaans en Nederlands (AFNL121,211,221,311,321), Engels (ENGL121,211,221,311,321), Latyn (LATN111,121,211,221,311,321), Tswana (ATSW114,124,214,224,314,324 of ATSW113,123,213,223,313,323), Vertaalkunde (TRNL111,121,211,221,311,321) en Zoeloe (AZOE114,124,214,224,314,324).
- c) Van leerders wat aan 'n ander universiteit die eerste B.-graad verwerf het, kan verwag word om verpligte kursuseenhede te neem en/of 'n toelatingstoets af te lê.

- d) Leerders wat nie die gestelde minimum van 60% op die derdejaarsvlak in 'n toepaslike taalvak behaal het nie, kan by die direkteur van die Skool vir Tale aansoek doen met die oog op moontlike toelating tot die honneurskursus. Uitsonderings sal op meriete gehanteer word.
- e) Die aanbied van modules is in alle gevalle onderhewig aan die beskikbaarheid van personeel terwyl 'n getalsbeperking ook geplaas kan word op die aanbied van 'n module in 'n vakgroep al dan nie

L.1.12.2.2 Kurrikulumuitkomste

Die onderstaande uitkomste is generies vir taalkurrikulums op hierdie vlak. Die uitkomste word in die verskillende kurrikulums verbesonder volgens die fokus van die kurrikulum (taal- of letterkunde), die aard van die vak, die taal en die letterkunde wat bestudeer word

- a) Die inwin van wetenskaplike feitekennis, insig in die samehang van verbandhoudende sake deurdat op interdissiplinêre wyse omgegaan is met die akademiese aanbod.
- b) Die vermoë om probleme op kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos.
- c) Die vermoë om kennis selfstandig te kan verwerv, te beheers, toe te pas, te analyseer, te integreer en gefundeerd te kan evaluateer.
- d) Die leerder moet 'n doeltreffende leerder wees wat die noodsaaklikheid van lewenslange leer besef.
- e) Die vermoë om 'n eie denkkraamwerk te kan verwoord en te verantwoord met verwysing na die Christelike en ander lewensbeskouings.
- f) Die vermoë om die linguistiese aard van verskeie tale te ken en te beheers.
- g) Die vermoë om linguistiese teorieë te ken en te beheers.
- h) Die vermoë om krities met die metodologieë van verskillende teorieë te kan omgaan.
- i) Die vermoë om op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n eie linguistiese oordeel te vorm en te formuleer.
- j) Die vermoë om die waarde van taal en literatuur te kan oordra in beroepsituasies.
- k) Die vermoë om die kulturele verskeidenheid van SA en die wêreld in die talige en literêre verskynsels te herken, te begryp en te kan oordra aan ander.

L.1.12.2.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van hierdie program kan leerders met die goedkeuring van die fokusareadirekteur toegelaat word tot die magistergraad in 'n taalstudierigting.

L.1.12.2.4 Ander reëls

- a) Die verskillende modules waaruit 'n leerder kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die betrokke vakgroep volgens sy bepaalde omstandighede in 'n betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos

verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier 'n rol speel.

- b) 'n Leerder wat wil inskryf vir die kurrikulum in taalstudie, moet voor die aanvang van die studie aanmeld by die betrokke programleier en dan op die voorgeskrewe vorm aansoek doen om toelating.
- c) Die samestelling van 'n leerder se honneurskurrikulum is in alle gevalle onderhewig aan die finale goedkeuring van die programleier asook die direkteur van die Skool vir Tale.
- d) 'n Leerder wat oorweeg om voort te gaan met studie vir die MA-graad, moet daarop let dat vakgroepe vereistes kan stel vir die voortsetting van studie op hierdie vlak.

L.1.12.2.5 Kurrikulum: L601P : Taalstudie

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
AFNL611	Navorsingsmetodologie	8
AFNG671	Afrikaanse taalpraktyk	24
AFNG672	Afrikaanse taalkunde: temas en tendense	24
AFNG673	Sosiolinguistiek	24
AFNG674	Tekslinguistiek	24
AFTW671	Taal en tegnologie	24
ENGH671	Research Methodology and dissertation	32
ENGH672	English Language Studies	24
ENGH673	Applied Language Studies	24
ENGH674	Translation Studies	24
ENGH679	Language and Literary Theory	24
ENGT671	English Corpus Linguistics	24
LATN671	Vertaling op sig	24
LATN672	Vertaling op sig en vertaalkunde	24
LATN677	Regslatyn	24
TSWG671	Algemene taalteorie en navorsingsmetodologie	32
TSWG672	Tswana: morfologie	24
TSWG673	Tswana: sintaksis	24
TSWG674	Tswana: semantiek	24
TSWG675	Tswana: fonologie	24
ZOEG671	Algemene taalkundeteorie en navorsingsmetodologie	32
ZOEG672	Zoeloe: morfologie	24
ZOEG673	Zoeloe: sintaksis	24
ZOEG674	Zoeloe: semantiek	24
ZOEG675	Zoeloe: fonologie	24
Krediettotaal vir die program		128

Voorskrifte vir die samestelling van die kurrikulum:

- i) Die leerder kan volgens voorkeur 'n kurrikulum saamstel uit die beskikbare taalkundehonneursopsies wat jaarliks in die betrokke deelnemende vakgroepes, nl. Afrikaans en Nederlands, Afrikatale (Tswana en Zoeloe), Engels, Latyn aangebied word. Die betrokke opsies word hier bo in die tabel gelys.
- ii) 'n Leerder kies ('n minimum van) vyf modules uit die beskikbare taalkundehonneursopsies in die betrokke vakgroepes. Indien 'n leerder nie ENGH671 (32), TSWG671 (32) of ZOEG671 (32) by sy/haar kurrikulum insluit nie, moet hy/sy wel AFNL611 (8) by die kurrikulum insluit.
- iii) Leerders kan slegs een van die volgende modules in navorsingsmetodologie kies: ENGH671 (32), TSWG671 (32) of ZOEG671 (32).
- iv) Voordat 'n leerder mag registreer vir enige honneursmodule van 'n taal, moes hy/sy reeds al die vereiste voorgraadse modules van die betrokke taal geslaag het.
- v) 'n Leerder wat oorweeg om voort te gaan met studie vir die M.A.-graad in 'n taalspesifieke rigting, moet daarop let dat vakgroepes besondere vereistes kan stel vir die voortsetting van studie op hierdie vlak.

L.1.12.3

Kurrikulum: Literére Studie

Hierdie kurrikulum het ten doel om aan leerders wat reeds vroeg in *letterkunde* wil spesialiseer, die geleentheid te bied om dit wel te doen. Idealergewys sal die samestelling van 'n kurrikulum in hierdie kursus die leerder die geleentheid bied om reeds op honneursvlak in te skakel by die besondere letterkundenavorsingsrigtings van die navorsingseenheid in die NKR 04-veld *Tale en literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks*.

L.1.12.3.1

Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum

Bykomend tot die Algemene Reël A.12.1 geld die volgende:

- a) Registrasie vir honneursleerders moet nie later nie as 31 Januarie geskied.
- b) 'n B.-graad of gelykwaardige kwalifikasie word vereis met minstens een van die volgende vakke op derdejaarsvlak (wat met 'n gemiddeld van minstens 60% geslaag moes gewees het): Afrikaans en Nederlands (AFNL121,211,221,311,321), Engels (ENGL121,211,221, 311, 321), Latyn (LATN111, 121, 211, 221, 311, 321), Tswana (ATSW114,124,214,224, 314,324 of ATSW113,123,213,223,313,323), Vertaalkunde (TRNL111, 121,211, 221,311,321) en Zoeloe (AZOE114,124,214,224,314,324).
- c) Van leerders wat aan 'n ander universiteit die eerste B.-graad verwerf het, kan verwag word om verpligte kursuseenhede te neem en/of 'n toelatingstoets af te lê.
- d) Leerders wat nie die gestelde minimum van 60% op die derdejaarsvlak in 'n toepaslike taalvlak behaal het nie, kan by die direkteur van die Skool vir Tale aansoek doen met die oog op moontlike toelating tot die honneurskursus. Uitsonderings sal op meriete gehanteer word.

L.1.12.3.2 Kurrikulumuitkomste

Die onderstaande uitkomste is generies vir taal- en letterkundekurrikulums op hierdie vlak. Die uitkomste word in die verskillende kurrikulums verbesonder volgens die fokus van die kurrikulum (taal- of letterkunde), die aard van die vak, die taal en die letterkunde wat bestudeer word.

- a) Die inwin van wetenskaplike feitekennis, insig in die samehang van verbandhoudende sake deurdat op interdissiplinêre wyse omgegaan is met die akademiese aanbod.
- b) Die vermoë om probleme op kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos.
- c) Die vermoë om kennis selfstandig te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te analyseer, te integreer en gefundeerd te kan evalueer.
- d) Die leerder moet 'n doeltreffende leerder wees wat die noodsaaklikheid van lewenslange leer besef.
- e) Die vermoë om 'n eie denkraamwerk te kan verwoord en te verantwoord met verwysing na die Christelike en ander lewensbeskouings.
- f) Die vermoë om die aard en inhoud van die letterkunde in verskeie tale te ken en te begryp.
- g) Die vermoë om verskeie literêre teorieë te ken en te beheers.
- h) Die vermoë om krities met die metodologieë van verskillende teorieë te kan omgaan.
- i) Die vermoë om op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n eie literêre oordeel te vorm en te formuleer.
- j) Die vermoë om die waarde van taal en literatuur te kan oordra in beroepsituasies.
- k) Die vermoë om die kulturele verskeidenheid van SA en die wêreld in die talige en literêre verskynsels te herken, te begryp en te kan oordra aan ander.

L.1.12.3.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van hierdie kurrikulum kan leerders met die goedkeuring van die direkteur van die navorsingseenheid toegelaat word tot die magistergraad in 'n literêre studierigting.

L.1.12.3.4 Ander reëls

- a) Die verskillende modules waaruit 'n leerder kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die betrokke vakgroep volgens sy bepaalde omstandighede in 'n betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier 'n rol speel.
- b) 'n Leerder wat wil inskryf vir die program in taalstudie, moet voor die aanvang van die studie aanmeld by die betrokke programleier en dan op die voorgeskrewe vorm aansoek doen om toelating.

- c) Die samestelling van 'n leerder se honneurskurrikulum is in alle gevalle onderhewig aan die finale goedkeuring van die programleier asook die direkteur van die Skool vir Tale.
- d) 'n Leerder wat oorweeg om voort te gaan met studie vir die M.A.-graad, moet daarop let dat vakgroep vereistes kan stel vir die voortsetting van studie op hierdie vlak.

L.1.12.3.5 Kurrikulum: L602P Literêre studie

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
AFNL611	Navorsingsmetodologie	8
AFNL671	Poësie en interteks	24
AFNL672	Afrikaanse verhalende tekste	24
AFNL673	Drama, teks en teater	24
AFNL674	Aspekte van die Nederlandse letterkunde	24
AFNL675	Afrikaanse en Nederlandse jeugliteratuur	24
AFNL676	Afrikaanse skryfkuns	24
AFLW671	Benaderingswyse van die literatuurwetenskap	24
AFLW672	Narratologie: Roman en film	24
ENGH671	Research Methodology and dissertation	32
ENGH675	Twentieth-century Literary Studies	24
ENGH676	SA and Postcolonial Literary Studies	24
ENGH677	16 th and 17 th Century Literary Studies	24
ENGH679	Language and Literary Theory	24
LATN673	Klassieke prosa	24
LATN674	Christelike prosa	24
LATN675	Klassieke poësie	24
LATN676	Christelike poësie	24
TSWL671	Algemene letterkundeteorie en navorsingsmetodologie	32
TSWL672	Tswana: Poësie	24
TSWL673	Tswana: drama	24
TSWL674	Tswana: prosa	24
TSWL675	Kinderletterkunde in Tswana	24
ZOEL671	Algemene letterkundeteorie en navorsingsmetodologie	32
ZOEL672	Zoeloe: Poësie	24
ZOEL673	Zoeloe: drama	24

ZOEL674	Zoeloe: prosa	24
ZOEL675	Kinderletterkunde in Zoeloe	24
Krediettaal vir die kurrikulum		128

Voorskrifte vir die samestelling van die kurrikulum:

- i) Die leerder kan volgens voorkeur 'n kurrikulum saamstel uit die beskikbare taalkundehonneursopsies wat jaarliks in die betrokke deelnemende vakgroep, nl. Afrikaans en Nederlands, Afrikatale (Tswana en Zoeloe), Engels, Latyn aangebied word. Die betrokke opsies word hier bo in die tabel gelys.
- ii) 'n Leerder kies ('n minimum van) vyf modules uit die beskikbare letterkundehonneursopsies in die betrokke vakgroep. Indien 'n leerder nie ENGH671 (32), TSWL671 (32) of ZOEL671 (32) by sy/haar kurrikulum insluit nie, moet hy/sy wel AFNL611 (8) by die kurrikulum insluit.
- iii) Leerders kan slegs een van die volgende modules in navorsingsmetodologie kies: ENGH671 (32), TSWL671 (32) of ZOEL671 (32).
- iv) Leerders wat Afrikaanse Skryfkuns (AFNL676) wil neem, is in alle gevalle onderhewig aan keuring op grond van die voorlegging van 'n oorspronklike skryfstuk. Nader vroegtydig die voorsitter van die vakgroep Skryfkuns in hierdie verband.
- v) Leerders wat hierdie program volg, word sterk aangeraai om AFLW671 (Benaderingswyses en metodes van die literatuur) of ENGH679 (Language and Literary Theory) by hulle kursus in te sluit.
- vi) Voordat 'n leerder mag registreer vir enige honneursmodule van 'n taal, moes hy/sy reeds al die vereiste voorgraadse modules van die betrokke taal geslaag het.
- vii) 'n Leerder wat oorweeg om voort te gaan met studie vir die M.A.-graad in 'n taalspesifieke rigting, moet daarop let dat vakgroepes besondere vereistes kan stel vir die voortsetting van studie op hierdie vlak.

L.1.13 PROGRAMME : ENGLISH

L.1.13.1 Specific admission requirements for the programme and curriculum

In addition to the General Rule A.12.1 the following faculty rules are also applicable.

- a) Registration for the honours study must take place not later than 31 January.
- b) The prerequisite for admission to English Honours is a bachelor's degree or the equivalent of such a degree in which the following modules or their equivalents were successfully completed: ENGL 121, 211, 221, 311, 321.
- c) In order to enrol for the Honours course in English a learner must have obtained a minimum final mark of 60% for the third level courses in English (i.e. ENGL311 and ENGL321). Learners who did not obtain this required minimum, may apply to sit an admission exam.
- d) Learners who require admission to the Honours curriculum in English must arrange for an interview with the chairperson of the Subject Group, who may decide upon an additional evaluation in which case admission is dependent on the successful outcome of the evaluation.

L.1.13.2**Curriculum outcomes**

The outcomes listed below are generic outcomes for the language curriculums offered at this level. The choice of curriculums focus (i.e. linguistics or literature), the nature of the subject, and the language or literature studied, will determine which of these outcomes will be applicable to the relevant curriculum.

- a) The acquisition of scholarly and scientific factual knowledge, and insight into the connections between related aspects by means of an interdisciplinary approach to academic disciplines.
- b) The ability to identify and solve problems in a critical and creative manner.
- c) The ability to acquire, control, apply, analyse, and integrate knowledge independently, as well as evaluate it in a principled and well-grounded manner.
- d) The learner should be an effective learner who understands the need for life-long learning.
- e) The ability to articulate and justify a personal frame of reference with regard to Christian and other worldviews.
- f) The ability to know and understand the nature and content of literature in English.
- g) The ability to know and master the linguistic nature of English.
- h) The ability to know and master various literary and linguistic theories.
- i) The ability to deal critically with the methodologies of various theories.
- j) The ability to formulate an own literary opinion on the basis of subject-specific and theoretical knowledge.
- k) The ability to articulate the value of language and literature within a vocational context.
- l) The ability to recognize, understand and communicate the linguistic and literary phenomena of the culturally-diverse South African and world populations.

L.1.13.3**Articulation**

After successful completion of the programme, learners may be admitted to the master's degree in English or in Applied Language Studies.

L.1.13.4**Other rules**

- a) The various modules from which a learner may choose are in all cases restricted to the specific modules that the School of Languages and the Subject Group English can offer in the current circumstances of a given year. Aspects such as sabbatical leave, availability of academic staff, minimum number of learners required for a course, and so forth may restrict the offer in a given year.
- b) A learner should apply for admission to the honours course by submitting the required form to the chairperson of the Subject Group English.

- c) The composition of the learner's curriculum is in all cases dependent on the final approval of the chairperson of the Subject Group English as well as the director of the School of Languages.

L.1.13.5

Curriculum : L605P : English

Module code	Descriptive name	Credits
ENGH671	Research methodology and dissertation	32
ENGH672	English Language Studies	24
ENGH673	Applied Language Studies	24
ENGH674	Translation Studies	24
ENGH675	Twentieth-century Literary Studies	24
ENGH676	SA and Postcolonial Literary Studies	24
ENGH677	16 th and 17 th Century Literary Studies	24
KEUS678	<i>Capita selecta</i>	24
ENGH679	Language and Literary Theory	24
ENGT671	English Corpus Linguistics	24
Total of credits for the curriculum		128

Rules for the compilation of the curriculum:

- i) A learner has to pass FIVE modules. ENGH671 and ENGH679 are compulsory.
- ii) A learner has to sit a formal examination in FOUR of the units. The examination in the fifth unit is replaced by the compulsory research essay (ENGH671).
- iii) One of the optional modules may be replaced by a *capita selecta* (KEUS678) with a credit total of not less than 24 and learners must register for that specific module, e.g. AFNL673. This option should be chosen in consultation with the chairperson of the Subject Group English.
- iv) Not all the modules may be offered each year. A prospective learner should check with the chairperson of the Subject Group which modules will be offered in a given year.

L.1.14

PROGRAM : FILOSOFIE

L.1.14.1

Spesifieke toelatingsvereistes van die program en kurrikulum

Bykomend tot die Algemene Reël A.12.1 geld die volgende:

- a) Registrasie vir honneursleerders moet nie later nie as 31 Januarie geskied.

- b) 'n B-graad waarin al die modules van Filosofie op die onderskeie voorgraadse jaarvlakke geslaag is.
- c) Die modules van die finale voorgraadse jaar moet met 'n gemiddeld van minstens 60% geslaag wees.
- d) Die direkteur van die Skool vir Filosofie kan toelating aan 'n leerder gee wat nie al die Filosofie-modules, soos in b) hierbo bedoel, geslaag het nie indien hy daarvan oortuig is dat die betrokke leerder oor voldoende agtergrond in die Filosofie beskik wat die leerder in staat sal stel om wel aan die kurrikulumvereistes te kan voldoen.
- e) Leerders wat nie aan die vereistes voldoen soos in b), c) en d) hierbo bedoel nie, kan tot die program toegelaat word met dien verstande dat hulle aanvullende voorbereidende werk doen tot bevrediging van die direkteur.

L.1.14.2 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die kurrikulum moet die leerder in staat wees om

- a) filosofiese probleme te identifiseer en te kontekstualiseer;
- b) die filosofiese komponent van tekste te identifiseer en besinnend en krities daarop te reageer vanuit verskillende filosofiese kontekste;
- c) die belangrikste filosofiese strominge en denkritzings te kan beskryf en krities te kan beoordeel;
- d) die hooftrekke van 'n eie filosofiese denkkraamwerk te kan stel met verwysing na die Reformatories-Christelike en ander tradisies binne die filosofie.

L.1.14.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum, sal 'n student toegelaat word tot die magistergraad in Filosofie.

L.1.14.4 Kurrikulum : L607P: Filosofie

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FILO213	Basiese sistematiek	16
FILO223	Ideeëgeskiedenis	24
FILH673	Kontemporêre filosofie	24
FILH674	Reformatoriële filosofie	24
FILH675	Kultuurfilosofie	24
FILH676	Wetenskap en metodologie	24
FILH677	Projek	32
Krediettotaal vir die kurrikulum		128

Voorskrifte vir die samestelling van die kurrikulum:

- i) Leerders wat in terme van L.2.5.1 b) en d) toegelaat word, moet FILH673, 674, 675, 676 en 677 neem.

- ii) Leerders wat in terme van L.2.5.1 e) toegelaat word, moet modules FILO213 en FILO223 as addisionele modules suksesvol voltooи voor dat die oorblywende modules (FILH673, 674, 675 en 676 en FILH677) aangepak word.

L.1.15 PROGRAM: GESKIEDENIS

L.1.15.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program en kurrikulum

Bykomend tot die Algemene Reël A.12.1 geld die volgende:

- Registrasie vir honneursleerders moet nie later nie as 31 Januarie geskied.
- 'n B.-graad of gelykwaardige kwalifikasie word vereis waarin die volgende modules of ekwivalente daarvan geslaag is: GESK111, GESK121, GESK122, GESK212, GESK222, GESK312, GESK322. Die modules op die derde vlak moet met 'n gemiddeld van minstens 60% geslaag wees.

L.1.15.2 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die program behoort die leerders in staat te wees om

- omvattende en sistematiese kennis te demonstreer in historiese vraagstukke en 'n gekose tema gekoppel aan 'n gekose tydperk, relevant vir vandag, binne wêreld- en in besonder Afrika-konteks en die kennis te kan gebruik in die oplossing van 'n navorsingsprobleem;
- 'n eie denkraamwerk oor die bogenoemde historiese vraagstukke te kan verwoord vanuit 'n gekose waardesisteem;
- toepaslike navorsingsmetodes en tegnieke te kan motiveer en gebruik om 'n tipiese historiese vraagstuk vanuit navorsingsliteratuur te ondersoek, te analyseer en oplossings te identifiseer en te evaluateer;
- 'n verslag wat voldoen aan akademies-professionele standaarde te skryf oor genoemde navorsingsvraagstuk en dit mondeling aan leke en/of 'n akademiese gehoor te kommunikeer met gebruik van toepaslike media.

L.1.15.3 Artikulasie

Na suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan die leerder toelating verkry tot die magistergraad in Geskiedenis.

L.1.15.4 Kurrikulum : L608P : Geskiedenis

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
GESK611	Geskiedenis: Metodiek en teorie	24
GESK612	Geskiedenis: Historiografie	32
GESK624	Geskiedenis: Afrika-geskiedenis: 'n Geselekteerde tema	24
GESK625	Geskiedenis: Wêreld-geskiedenis: 'n Geselekteerde tema	24
GESK626	<i>Capita selecta</i>	24

GESK627	Geskiedenis: Navorsingsprojek	24
Krediettotaal vir die kurrikulum		128

Voorskrifte vir die samestelling van die kurrikulum:

- i) 'n Leerder moet VYF kursuseenhede aflê. GESK611 en GESK612 is verpligtend.
- ii) Die keuse van kursuseenhede word in oorleg met die vakgroepvoorsitter gedoen.
- iii) Die seleksie van die inhoud van die *capita selecta*-module geskied in oorleg met die vakgroepvoorsitter en leerders moet dan vir GESK626 regstreer.

L.1.16 PROGRAM : KOMMUNIKASIESTUDIES

L.1.16.1 Kurrikulum: Kommunikasiestudies : Navorsingsgerig

L.1.16.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum

Bykomend tot die Algemene Reël A.12.1 geld die volgende:

- a) Registrasie vir honneursstudie moet nie later nie as 31 Januarie geskied.
- b) 'n Driejarige kommunikasiegraad of gelykwaardige kwalifikasie met 'n gemiddelde slaagsyfer van 65% vir die Kommunikasiemodules op die derde vlak.
- c) Keuring van alle aansoekers word gedoen vóór toelating.

L.1.16.1.2 Kurrikulumuitkomste

By die voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die leerder in staat te wees om met die gepaste professionele ingesteldheid gevorderde kennis, begrip en toepassing te kan demonstreer hoe belangrike teorieë en akademiese navorsingsmetodes in kommunikasie toegepas kan word; asook die teoretiese beginsels en praktyke van een van die volgende terreine te kan ken en toepas: Korporatiewe Kommunikasiebestuur, Joernalistiek, Video, Ontwikkelingskommunikasie of Korporatiewe Media.

L.1.16.1.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan leerders toegelaat word tot die magistergraad in Kommunikasiestudies.

L.1.16.1.4 Ander reëls

- a) Die vakgroep behou die reg voor om die kurrikulum aan te bied na gelang van die beskikbaarheid van personeel en ander infrastrukturele vereistes.
- b) Die eksamensubminimum vir alle modules is 50%.

L.1.16.1.5 Kurrikulum L611P Kommunikasiestudies (Navorsingsgerig)

Verpligte modules		
Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
KOMN671	Navorsingsprojek	32
KOMN672	Toegepaste Kommunikasienavorsing	16
KOMF611	Fundamentele kommunikasieteorie	16
KOMO611	Ontwikkelingskommunikasie: toepassing	16
Spesialisering : Joernalistiek		
Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
KOMJ611	Mediareg en -etiek	8
KOMJ671	Joernalistiek: praktyk en toepassing	32
KOMJ622	Joernalistiek: media en samelewing	8
Spesialisering : Korporatiewe Kommunikasie		
Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
KOMK611	Korporatiewe Kommunikasiebestuur	16
KOMK621	Korporatiewe Kommunikasie: konteks en toepassing	16
KOMK622	Korporatiewe Kommunikasie: mondeline voorleggings	8
KOMP621	Professionele optrede vir die praktyk	8
Spesialisering : Video		
Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
KOMV671	Videoproduksie	32
KOMV623	Filmteorie en -kritiek	8
Spesialisering : Ontwikkeling		
Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
KOMO671	Gevorderde ontwikkelingskommunikasie	32
KOMO621	Ontwikkelingskommunikasie: fundamentele uitgangspunte	16

Spesialisering : Korporatiewe Media		
Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
KOMM671	Korporatiewe skryfwerk	24
KOMM612	Teoretiese grondslae	8
KOMM621	Toegepaste webblad-publisering en bestuur	16
Krediettotaal vir die kurrikulum		128

Voorskrifte vir die samestelling van die kurrikulum:

- i) Modules KOMN671, KOMN611, KOMF611 en KOMO611 is verpligtend.
- ii) Leerders kies verder **een** spesialiseringsrigting en moet al die modules van die spesialiseringsrigting, soos in die kurrikulum gespesifieer, voltooi.

L.1.16.2 Kurrikulum: Kommunikasiestudies : Beroepsgerig

L.1.16.2.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum

Bykomend tot die Algemene Reël A.12.1 geld die volgende:

- a) Registrasie vir honneursstudie moet nie later nie as 31 Januarie geskied.
- b) 'n Driejarige kommunikasiegraad of gelykwaardige kwalifikasie met 'n gemiddelde slaagsyfer van 60% vir die Kommunikasiestudies op die derde vlak.
- c) Keuring van alle aansoekers word gedoen vóór toelating.

L.1.16.2.2 Kurrikulumuitkomste

By voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die leerder in staat te wees om met die gepaste professionele ingesteldheid gevorderde kennis, begrip en toepassing te kan demonstreer ten opsigte van toegepaste marknavorsing, die teoretiese beginsels en praktyke van Korporatiewe.

L.1.16.2.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan leerders toegelaat word tot die magistergraad in Kommunikasiestudies.

L.1.16.2.4 Ander reëls

- a) Die vakgroep behou die reg voor om die kurrikulum aan te bied na gelang van die beskikbaarheid van personeel en ander infrastrukturele vereistes.
- b) Die eksamensubminimum vir alle modules is 50%.

L.1.16.2.5 Kurrikulum L612P : Kommunikasiestudies (Beroepsgerig)

Verpligte modules		
Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
KOMN672	Toegepaste kommunikasienvorsing	16
KOMO611	Ontwikkelingskommunikasiestudies: toepassing	16
KOMP621	Professionele optrede vir die praktyk	8
KOMK611	Korporatiewe Kommunikasiebestuur	16
Verpligte modules (vervolg)		
Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
KOMK621	Korporatiewe Kommunikasie: konteks en toepassing	16
KOMK622	Korporatiewe Kommunikasie: mondelinge voorleggings	8
Spesialisering : Joernalistiek		
Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
KOMJ611	Mediareg en -etiek	8
KOMJ671	Joernalistiek: praktyk en toepassing	32
KOMJ622	Joernalistiek: media en samelewing	8
Spesialisering : Video		
Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
KOMV671	Videoproduksie	32
KOMV623	Filmteorie en -kritiek	8
Spesialisering : Ontwikkeling		
Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
KOMO621	Ontwikkelingskommunikasiestudies: fundamentele uitgangspunte	16
KOMO671	Gevorderde ontwikkelingskommunikasie	32

Spesialisering : Korporatiewe Media		
Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
KOMM671	Korporatiewe skryfwerk	24
KOMM612	Teoretiese grondslae	8
KOMM621	Toegepaste webblad-publisering en bestuur	16
Krediettotaal vir die kurrikulum		128

Voorskrifte vir die samestelling van die kurrikulum:

- i) Modules KOMN611, KOMO611, KOMP621, KOMK611, KOMK621 en KOMK622 is verpligtend.
- ii) Leerders kies verder **een** spesialiseringsrigting en moet al die modules van die spesialiseringsrigting, soos in die kurrikulum gespesifieer, voltooi.

L.1.17 PROGRAM : KUNSGESKIEDENIS

L.1.17.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program en kurrikulum

Bykomend tot die Algemene Reël A.12.1 geld die volgende:

- a) Registrasie vir honneursstudie moet nie later nie as 31 Januarie geskied.
- b) 'n Driejarige graad of gelykwaardige kwalifikasie met 'n gemiddelde slaagsyfer van 60% vir modules van Kunsgeschiedenis op die derde vlak. Die volgende modules of ekwivalente daarvan moet geslaag word om toelating tot hierdie kurrikulum te verkry: KSGS111, 121, 211, 221, 311, 321.

L.1.17.2 Kurrikulumuitkomste

Na voltooing van die kurrikulum sal leerders oor die vaardighede beskik wat onafhanklike navorsing op 'n gevorderde vlak moontlik sal maak. Die leerder sal binne die konteks van sowel chronologiese as tematiese uitgangspunte in Kunsgeschiedenis verskillende kunskategorieë en tendense kan ondersoek, interpreer en evaluateer. Sodanige bemagtiging sou kon lei tot verdere studie en/of navorsing op magistergraadvlak. As besondere vaardighede sou die leerder vakfilosofiese en teoretiese beginsels onderliggend tot kunsgeschiedenisstyle, -neigings en kunssoorte kan omskryf, toepas en evaluateer. Die leerder sou 'n vertrouheid kan bewys ten opsigte van eietydse vakmetodologiese benaderings, en dit kan aanwend binne kontemporêre en veral postkritiese denkritzings.

L.1.17.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooing van die kurrikulum kan leerders toegelaat word tot die magistergraad in Kunsgeschiedenis.

L.1.17.4**Kurrikulum : L615P : Kunsgeskiedenis**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
KSGS671	Vakfilosofie, -teorie en metodologie	32
KSGS611	Skilderkunstema	24
KSGS612	Driedimensionele visuele kunste	24
KSGS621	Visuele kunste in sosiale verband	24
KSGS672	Ontwerpkulstorie en geskiedenis	24
KSGS673	Rolprentstudies	24
KEUS674	<i>Capita selecta</i>	24
Krediettotaal vir die kurrikulum		128

Voorskrifte vir die samestelling van die kurrikulum:

- i) 'n Leerder moet VYF modules voltooi.
- ii) Die vakfilosofie, -teorie en metodologie (KSGS671) is verpligtend.
- iii) 'n Leerder kan hoogstens een module onder die hoof *capita selecta* (KEUS674) met 'n krediettotaal van nie minder nie as 24 in oorleg met die voorsitter van die vakgroep Kunsgeskiedenis neem en moet vir daardie spesifieke module registreer, bv AFNL673.

L.1.18**PROGRAM : LATYN****L.1.18.1****Spesifieke toelatingsvereistes van die program en kurrikulum**

Bykomend tot die Algemene Reël A.12.1 geld die volgende

- a) Registrasie vir honneursstudie moet nie later nie as 31 Januarie geskied.
- b) 'n B.-graad of gelykwaardige kwalifikasie waarin die volgende modules of die ekwivalente daarvan geslaag is: LATN111, 121, 211, 221, 311, 321. LATN311 en 321 moet met 'n gemiddeld van 60% geslaag wees.

L.1.18.2**Kurrikulumuitkomste**

Die onderstaande uitkomste is generies vir taalkurrikulums op hierdievlak. Die uitkomste word in die verskillende kurrikulums verbesonder volgens die fokus van die kurrikulum (taal- of letterkunde), die aard van die vak, die taal en die letterkunde wat bestudeer word.

- d) Die inwin van wetenskaplike feitekennis, insig in die samehang van verbandhouende sake deurdat op interdissiplinêre wyse omgegaan is met die akademiese aanbod.
- e) Die vermoë om probleme op kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos.
- f) Die vermoë om kennis selfstandig te kan verwerv, te beheers, toe te pas, te analiseer, te integreer en gefundeerd te kan evalueer.

- g) Die leerder moet 'n doeltreffende leerder wees wat die noodsaaklikheid van lewenslange leer besef.
- h) Die vermoë om 'n eie denkraamwerk te kan verwoord en te verantwoord met verwysing na die Christelike en ander lewensbeskouings.
- i) Die vermoë om die aard en inhoud van die letterkunde in Latyn te ken en te begryp.
- j) Die vermoë om die linguistiese aard van Latyn te ken en te beheers.
- k) Die vermoë om verskeie literêre en linguistiese teorieë te ken en te beheers.
- l) Die vermoë om krities met die metodologieë van verskillende teorieë te kan omgaan.
- m) Die vermoë om op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n eie literêre oordeel te vorm en te formuleer.
- n) Die vermoë om die waarde van taal en literatuur te kan oordra in beroepsituasies.
- o) Die vermoë om die kulturele verskeidenheid van SA en die wêreld in die talige en literêre verskynsels te herken, te begryp en te kan oordra aan ander.

L.1.18.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan leerders toegelaat word tot die magistergraad in Latyn.

L.1.18.4 Ander reëls

- a) Die verskillende modules waaruit 'n leerder kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die Vakgroep Latyn volgens sy bepaalde omstandighede in 'n betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier 'n rol speel.
- b) 'n Leerder moet voor die aanvang van die honneursstudie by die voorsitter van die Vakgroep Latyn op die voorgeskrewe vorm aansoek doen om keuring.
- c) Die samestelling van die leerder se honneurskurrikulum is in alle gevalle onderhewig aan die finale goedkeuring van die voorsitter van die Vakgroep Latyn asook die direkteur van die Skool vir Tale.

L.1.18.5 Kurrikulum : L620P : Latyn

Modulekode	Beskrywende naam	Krediet e
AFNL611	Navorsingsmetodologie	8
LATN671	Metodologie	24
LATN672	Vertaling op sig en vertaal-kunde	24
LATN673	Klassieke prosa	24
LATN674	Christelike prosa	24

LATN675	Klassieke poësie	24
Modulekode	Beskrywende naam	Krediet e
LATN676	Christelike poësie	24
LATN677	Regslatyn	24
KEUS678	<i>Capita selecta</i>	24
Krediettotaal vir die kurrikulum		128

Voorskrifte vir die samestelling van die kurrikulum:

- i) 'n Leerder moet **VYF** modules (24 krediete elk) aflê.
- ii) Leerders moet ook 'n module in navorsingsmetodologie (AFNL611) (8 krediete) aflê. As alternatief kan leerders in oorleg met die voorsitter van die Vakgroep Latyn en die direkteur van die Skool vir Tale die module in navorsingsmetodologie (ENGH671) van die Vakgroep Engels neem en dan **vier** verdere modules uit die beskikbare opsies van Latyn daarmee saam neem.
- iii) Met die goedkeuring van die voorsitter van die Vakgroep Latyn en die direkteur van die Skool vir Tale kan 'n leerder hoogstens een van die modules vervang met 'n module uit 'n aanverwante vak (KEUS678) waarvan die krediettotaal nie minder as 24 is nie, verkiesslik uit 'n aanverwante vak soos Afrikaans en Nederlands, Engels, Grieks of Semitiese Tale. 'n Leerder moet dan vir daardie spesifieke module regstreer, bv. AFNL673.

L.1.19 PROGRAM : MUSIEK

L.1.19.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program en kurrikulum

Bykomend tot die Algemene Reël A.12.1 geld die volgende:

- a) Registrasie vir honneursstudie moet nie later nie as 31 Januarie geskied.
- b) 'n B-graad met musiekvakke of 'n gelykwaardige kwalifikasie. Leerders wat slegs Musiekgeschiedenis vir die B-graad geneem het, word nie tot honneursstudie in Musiek toegelaat nie.

L.1.19.2 Kurrikulumuitkomste

Aan die einde van die studie is die leerder in staat om binne sy/haar spesialiseringsveld basiese kennis, tegnieke en beginsels ten opsigte van musiekstudie en -beoefening toe te pas, en mondeling en skriftelik effektiel daaroor te kan kommunikeer.

L.1.19.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan leerders toegelaat word tot die MMus-graad.

L.1.19.4 Ander reëls

- a) Die verskillende modules waaruit 'n leerder kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die skool volgens sy bepaalde omstandighede in 'n betrokke jaar kan aanbied.

- b) 'n Leerder moet voor die aanvang van die honneursstudie by die direkteur van die Skool vir Musiek aanmeld en op die voorgeskrewe vorm aansoek om toelating doen.
- c) Die samestelling van 'n leerder se kurrikulum is in alle gevalle onderhewig aan die goedkeuring van die direkteur van die Skool vir Musiek.

L.1.19.5

Kurrikulum : L625P : Musiek

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MUSN671	Navorsingsmetodologie	8
MUSN672	Werkstuk	24
MUSN673	Musiekgeskiedenis	24
MUSN674	Sosiale Musiekwetenskap	24
MUSN675	Vakdidaktiek: Praktiese Musiek	24
MUSN676	Groepmusiek	24
MUSN677	Didaktiek van musiekteoretiese vakke	24
MUSN678	Musiekteorie	24
KEUS679	<i>Capita selecta</i>	24
Krediettotaal vir die kurrikulum		128

Voorskrifte vir die samestelling van die kurrikulum:

- i) 'n Leerder moet, buiten die verpligte modules MUSN671 (Navorsingsmetodologie) en MUSN672 (Werkstuk), nog **vier** modules neem.
- ii) Met die goedkeuring van die direkteur van die Skool vir Musiek kan 'n leerder tot twee modules uit 'n aanverwante vak(ke) as *capita selecta* [KEUS679] aanbied. Die krediettotaal hiervan mag nie minder as 24 wees nie en leerders moet dan vir die spesifieke module(s) registreer, bv. KSGS673.

L.1.20

PROGRAM : TSWANA

L.1.20.1

Kurrikulum : Tswana

L.1.20.1.1

Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum

Bykomend tot die Algemene Reël A.12.1 geld die volgende:

- a) Registrasie vir honneursstudie moet nie later nie as 31 Januarie geskied.
- b) 'n B.-graad of gelykwaardige kwalifikasie waarin die volgende modules of die ekwivalente daarvan geslaag is: ATSW114/113, ATSW124/123, ATSW214/213, ATSW 224/223, ATSW 314/313, ATSW324/323. Die modules op die derde vlak moet met 'n gemiddeld van minstens 60% geslaag wees.
- c) Enige leerder wat vir die honneursstudie aanmeld na verloop van meer as ses jaar ná verwerwing van die B.-graad en aan die voorvereiste van 60% in die graadstudie voldoen het, moet 'n bykomende toelatingseksamen afliê.

L.1.20.1.2 Kurrikulumuitkomste

Die onderstaande uitkomste is generies vir taalkurrikulums op hierdie vlak. Die uitkomste word in die verskillende kurrikulums verbesonder volgens die fokus van die kurrikulum (taal- of letterkunde), die aard van die vak, die taal en die letterkunde wat bestudeer word.

- a) Die inwin van wetenskaplike feitekennis, insig in die samehang van verbandhoudende sake deurdat op interdissiplinêre wyse omgegaan is met die akademiese aanbod.
- b) Die vermoë om probleme op kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos.
- c) Die vermoë om kennis selfstandig te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te analyseer, te integreer en gefundeerd te kan evalueer.
- d) Die leerder moet 'n doeltreffende leerder wees wat die noodsaaklikheid van lewenslange leer besef.
- e) Die vermoë om 'n eie denkraamwerk te kan verwoord en te verantwoord met verwysing na die Christelike en ander lewensbeskouings.
- f) Die vermoë om die aard en inhoud van die letterkunde in Tswana te ken en te begryp.
- g) Die vermoë om die linguistiese aard van Tswana te ken en te beheers.
- h) Die vermoë om verskeie literêre teorieë te ken en te beheers.
- i) Die vermoë om krities met die metodologieë van verskillende teorieë te kan omgaan.
- j) Die vermoë om op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n eie literêre oordeel te vorm en te formuleer.
- k) Die vermoë om die waarde van taal en literatuur te kan oordra in beroepsituasies.
- l) Die vermoë om die kulturele verskeidenheid van SA en die wêreld in die talige en literêre verskynsels te herken, te begryp en te kan oordra aan ander.

L.1.20.1.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan leerders toegelaat word tot die magistergraad in Tswana.

L.1.20.1.4 Ander reëls

- a) Die verskillende modules waaruit 'n leerder kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die Vakgroep Afrikatale volgens sy bepaalde omstandighede in 'n betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier 'n rol speel.
- b) 'n Leerder moet voor die aanvang van die honneursstudie by die voorsitter van die Vakgroep Afrikatale op die voorgeskrewe vorm aansoek doen om keuring.

- c) Die samestelling van die leerder se honneurskurrikulum is in alle gevalle onderhewig aan die finale goedkeuring van die voorsitter van die Vakgroep Afrikatale asook die direkteur van die Skool vir Tale.

L.1.20.1.5 Kurrikulum : L632P : Tswana

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
TSQL671	Algemene letterkunde-teorie en navorsingsmetodologie	32
TSQL672	Tswana: Poësie	24
TSQL673	Tswana: drama	24
TSQL674	Tswana: prosa	24
TSQL675	Kinderletterkunde in Tswana	24
TSWG671	Algemene taalkundeteorie en navorsingsmetodologie	32
TSWG672	Tswana: morfologie	24
TSWG673	Tswana: sintaksis	24
TSWG674	Tswana: semantiek	24
TSWG675	Tswana: fonologie	24
Krediettotaal vir die kurrikulum		128

Voorskrifte vir die samestelling van die kurrikulum:

- i) 'n Leerder wat voorkeur gee aan taalkunde, neem TSWG671 asook die verdere vier taalkundemodules.
- ii) 'n Leerder wat voorkeur gee aan letterkunde, neem TSQL671 asook die verdere vier letterkundemodules.
- iii) In die geval waar 'n leerder wel beide taal- en letterkundemodules wil insluit in sy/haar program, moet die toestemming van die voorsitter van die vakgroep Afrikatale en die direkteur van die Skool vir Tale verkry word.

L.1.21 PROGRAM : ZOELOE

L.1.21.1 Kurrikulum : Zoeloe

L.1.21.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum

Bykomend tot die Algemene Reël A.12.1 geld die volgende:

- a) Registrasie vir honneursstudie moet nie later nie as 31 Januarie geskied.
- b) 'n B.-graad of gelykwaardige kwalifikasie waarin die volgende modules of die ekwivalente daarvan met 'n gemiddeld van 60% geslaag is: AZOE114, AZOE124, AZOE214, AZOE224, AZOE314, AZOE324. Die modules op die derde vlak moet met 'n gemiddeld van minstens 60% geslaag wees.
- c) Enige leerder wat vir die honneursstudie aanmeld na verloop van meer as ses jaar ná verwerwing van die B.-graad en aan die voorvereiste van 60%

in die graadstudie voldoen het, moet 'n bykomende toelatingseksamen afle.

L.1.21.1.2 Kurrikulumuitkomste

Die onderstaande uitkomste is generies vir taalkurrikulums op hierdievlak. Die uitkomste word in die verskillende kurrikulums verbesonder volgens die fokus van die kurrikulums (taal- of letterkunde), die aard van die vak, die taal en die letterkunde wat bestudeer word.

- a) Die inwin van wetenskaplike feitekennis, insig in die samehang van verbandhoudende sake deurdat op interdissiplinêre wyse omgegaan is met die akademiese aanbod.
- b) Die vermoë om probleme op kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos.
- c) Die vermoë om kennis selfstandig te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te analyseer, te integreer en gefundeerd te kan evalueer.
- d) Die leerder moet 'n doeltreffende leerder wees wat die noodsaaklikheid van lewenslange leer besef.
- e) Die vermoë om 'n eie denkraamwerk te kan verwoord en te verantwoord met verwysing na die Christelike en ander lewensbeskouings.
- f) Die vermoë om die aard en inhoud van die letterkunde in Zoeloe te ken en te begryp.
- g) Die vermoë om die linguistiese aard van Zoeloe te ken en te beheers.
- h) Die vermoë om verskeie literêre teorieë te ken en te beheers.
- i) Die vermoë om krities met die metodologieë van verskillende teorieë te kan omgaan.
- j) Die vermoë om op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n eie literêre oordeel te vorm en te formuleer.
- k) Die vermoë om die waarde van taal en literatuur te kan oordra in beroepsituasies.
- l) Die vermoë om die kulturele verskeidenheid van SA en die wêreld in die talige en literêre verskynsels te herken, te begryp en te kan oordra aan ander.

L.1.21.1.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan leerders toegelaat word tot die magistergraad in Zoeloe.

L.1.21.1.4 Ander reëls

- a) Die verskillende modules waaruit 'n leerder kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die Vakgroep Afrikatale volgens sy bepaalde omstandighede in 'n betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier 'n rol speel.

- b) 'n Leerder moet voor die aanvang van die honneursstudie by die voorsitter van die Vakgroep Afrikatale op die voorgeskrewe vorm aansoek doen om keuring.
- c) Die samestelling van die leerder se honneurskurrikulum is in alle gevalle onderhewig aan die finale goedkeuring van die voorsitter van die Vakgroep Afrikatale asook die direkteur van die Skool vir Tale.

L.1.21.1.5 Kurrikulum : L637P : Zoeloe

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
ZOEL671	Taal- of letterkundeteorie en navorsingsmetodologie	32
ZOEL672	Zoeloe: Poësie	24
ZOEL673	Zoeloe: drama	24
ZOEL674	Zoeloe: prosa	24
ZOEL675	Kinderletterkunde in Zoeloe	24
ZOEG671	Algemene Taalteorie en navorsingsmetodologie	32
ZOEG672	Zoeloe: morfologie	24
ZOEG673	Zoeloe: sintaksis	24
ZOEG674	Zoeloe: semantiek	24
ZOEG675	Zoeloe: fonologie	24
Krediettotaal vir die kurrikulum		128

Voorskrifte vir die samestelling van die kurrikulum:

- i) 'n Leerder wat voorkeur gee aan taalkunde, neem ZOEG671 asook die verdere vier taalkundemodules.
- ii) 'n Leerder wat voorkeur gee aan letterkunde, neem ZOEL671 asook die verdere vier letterkundemodules.
- iii) In die geval waar 'n leerder wel beide taal- en letterkundemodules wil insluit in sy/haar program, moet die toestemming van die voorsitter van die vakgroep Afrikatale en die direkteur van die Skool vir Tale verkry word.

L.1.22 EKSAMINERING

L.1.22.1 Eksamengeleenthede

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël A.8.1.

L.1.22.2 Samestelling van die deelnamepunt

'n *Deelnamepunt* vir 'n module (Algemene Reëls A.1.5 en A.8.6) kan saamgestel word uit onder andere toetse, werkstukke en en ander vorme van evaluering.

L.1.22.3 Toelating tot die eksamen

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n *deelnamebewys* (Algemene Reëls A.1.4 en A.8.6).

- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n leerder tot die bevrediging van die skooldirekteur, in oorleg met die betrokke vakgroepvoorsitter, voldoen het aan die vereistes daarvoor wat in die **studiegids** vir die betrokke module uiteengesit is.

L.1.22.4

Modulepunt

Die *modulepunt* (Algemene Reëls A.1.39 en A.8.7.4) word bereken in die verhouding tussen die *deelnamepunt* en die *eksamenpunt* soos aangegee is in die studiegids.

L.1.22.5

Slaagvereistes van 'n module en kurrikulum

- a) Die bepalings van Algemene Reël A.8 is van toepassing.
- b) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf is, is 40% (Algemene Reël A.8.7.5), behalwe waar dit by spesifieke kurrikulums anders bepaal word.
- c) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamens geskryf is, is 'n modulepunt van 50% (Algemene Reël A.8.7.1).
- d) Algemene Reëls A.8.7.9 en A.8.7.10 reël die vereistes om 'n module of 'n program met onderskeiding te slaag.

L.1.22.6

Herhaling van modules

Eenmalige herhaling van modules wat nie geslaag is nie, geskied volgens die bepalings van Algemene Reël A.10.

L.1.22.7

Terminering van studie

'n Leerder se studie kan getermineer word op grond van die bepalings in Algemene Reël A.9.

REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM (ONTWIKKELING EN BESTUUR)

Die studie kan **voltyds of deeltyds** gedoen word.

L.1.23 DUUR VAN DIE STUDIE

Die minimum duur van studie is een jaar en die maksimum duur is drie jaar vir voltydse en deeltydse studie bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.

L.1.24 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES VAN DIE KWALIFIKASIE

Die reëls vir toelating tot hierdie kwalifikasie geskied volgens die bepalings van Algemene Reël A.12.1. Spesifieke toelatingsvereistes ten opsigte van die onderskeie kurrikulums word in die reëls van die kurrikulum gestel.

L.1.25 PROGRAM : ONTWIKKELING EN BESTUUR

L.1.25.1 Kurrikulum : Openbare Bestuur en Regering

Vanaf 2006 word geen eerste inskrywings vir hierdie kurrikulum aanvaar nie

L.1.25.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum

Bykomend tot die Algemene Reël A.12.1 geld die volgende:

- a) Registrasie vir honneurstudie moet nie later nie as 31 Januarie geskied.
- b) 'n B.-graad of 'n Nasionale Hoër Technikon-diploma of 'n gelykwaardige kwalifikasie en twee jaar toepaslike werkervaring.

L.1.25.1.2 Kurrikulumuitkomste

Die leerder sal kennis opdoen oor 'n wye spektrum politieke temas en fasette van bestuur met die fokus op volhoubare ontwikkeling. Met die kennis sal bestuurders binne hul beroepsituasie beter funksioneer en sal op eie inisiatief 'n bydrae kan lewer tot die beroep waarbinne hulle staan.

L.1.25.1.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan leerders toegelaat word tot die magistergraad in Ontwikkeling en Bestuur.

L.1.25.1.4 Kurrikulum : L640P : Openbare Bestuur en Regering

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
HPGA611	Metodologie	16
HPGA612	Transformasiedinamika	16
HPGA613	Internasionale politieke perspektiewe	16
HPGA614	Afrikapolitiek	16
HPGA621	Beleidsanalise en implementering	16

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
HPGA622	Openbare bestuur en leierskap	16
HPGA623	Projekbestuur	16
HPGA624 of HPGA625	Munisipale bestuur Bestuur vir volhoubare ontwikkeling	16
Krediettotaal vir kurrikulum	128	

Voorskrif vir die samestelling van die kurrikulum:

'n Leerder moet **agt** modules voltooи.

L.1.25.2 Kurrikulum : Volhoubare Ontwikkeling

Die aanbieding van hierdie kurrikulum sal afhang van die beskikbare kapasiteit in die Skool vir Sosiale en Owerheidsstudies

L.1.25.2.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum

Bykomend tot die Algemene Reël A.12.1 geld die volgende:

- a) Registrasie vir honneursstudie moet nie later nie as 31 Januarie geskied.
- b) 'n B.-graad of 'n Nasionale Hoër Technikon-diploma of 'n gelykwaardige kwalifikasie en twee jaar toepaslike werkervaring.

L.1.25.2.2 Kurrikulumuitkomste

Die leerders sal kennis opdoen oor 'n wye spektrum van fasette van bestuur met die fokus op volhoubare ontwikkeling. Met die kennis sal bestuurders binne hul beroepsituasie beter funksioneer en sal op eie inisiatief 'n bydrae kan lewer om die komplekse sosio-politieke vraagstukke binne die Suid-Afrikaanse samelewing sinvol te interpreteer en om praktiese oplossings te vind en te implementeer.

L.1.25.2.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan leerders toegelaat word tot die magistergraad in Ontwikkeling en Bestuur.

L.1.25.2.4 Kurrikulum : L641P : Volhoubare Ontwikkeling

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
HPGA611	Metodologie	16
HPGA612	Transformasiedinamika	16
HSDT611	Historiese perspektiewe op volhoubare sosiale ontwikkeling	16
HSDT612	Strategieë om volhoubaar te ontwikkel	16

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
HPGA623	Projekbestuur	16
HPGA621	Beleidsanalise en implementering	16
HPGA625	Bestuur vir volhoubare ontwikkeling	16
HSDT621	Menswaardigheid	16
Krediettaal vir kurrikulum		128

Voorskrif vir die samestelling van die kurrikulum:

'n Leerder moet **agt** modules voltooi.

L.1.25.3 Kurrikulum: Openbare Bestuur en Regering

Die aanbieding van hierdie kurrikulum sal afhang van die beskikbare kapasiteit in die Skool vir Sosiale en Owerheidsstudies.

L.1.25.3.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum

Bykomend tot die Algemene Reël A.12.1 geld die volgende:

- p) Registrasie vir honneursstudie moet nie later nie as 31 Januarie geskied.
- q) 'n B.-graad of 'n Nasionale Hoër Technikon-diploma of 'n gelykwaardige kwalifikasie en twee jaar toepaslike werkervaring.

L.1.25.3.2 Kurrikulumuitkomste

Die leerders sal kennis opdoen oor 'n wye spektrum van fasette van bestuur met die fokus op volhoubare ontwikkeling. Met die kennis sal bestuurders binne hul beroepsituasie beter funksioneer en sal op eie inisiatief 'n bydrae kan lewer om die komplekse sosio-politieke vraagstukke binne die Suid-Afrikaanse samelewing sinvol te interpreteer en om praktiese oplossings te vind en te implementeer.

L.1.25.3.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan leerders toegelaat word tot die magistergraad in Ontwikkeling en Bestuur.

L.1.25.3.4 Kurrikulum : L642P : Openbare Bestuur en Regering

	Rigting Politieke Studies	
Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
HPGA611	Metodologie	16
HPGA612	Transformasiedinamika	16
HPGA613	Internasionale politieke perspektiewe	16
HPGA614	Afrika-politiek	16
HPGA621	Beleidsanalise en implementering	16
HPGA626	Politieke idees en ideologieë	16

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
HPGA627	Politieke deelname en interaksie	16
HPGA628	Vergelykende politiek	16
Krediettotaal vir kurrikulum		128
Rigting Openbare Bestuur en Administrasie		
Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
HPGA611	Metodologie	16
HSDT613	Openbare menslikehulpbronbestuur	16
HPGA616	Openbare finansiële bestuur	16
HPGA617	Openbare prestasiebestuur	16
HPGA621	Beleidsanalise en implementering	16
HPGA622	Openbare bestuur en leierskap	16
HPGA623	Projekbestuur	16
HPGA624	Munisipale bestuur	16
Krediettotaal vir kurrikulum		128
Rigting Openbare Veiligheid en Sekuriteit		
Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
HPGA611	Metodologie	16
HPGA617	Openbare prestasiebestuur	16
HPGA618	Veiligheid- en sekuriteitsdienstebestuur	16
HPGA619	Strategiese veiligheid- en sekuriteitsbestuur	16
HPGA621	Beleidsanalise en implementering	16
HS DT622	Bestuur van toekomstendense	16
HPGA623	Projekbestuur	16
HPGA629	Strategiese inligtingstelselbestuur	16
Krediettotaal vir kurrikulum		128

Voorskrif vir die samestelling van die kurrikulum:

'n Leerder kies **een** van die rigtings wat in die kurrikulum aangebied word en moet al **agt** modules daarvan voltooi.

L.1.25.4 Kurrikulum: Openbare Bestuur en Regering

L.1.25.4.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum

Bykomend tot die Algemene Reël A.12.1 geld die volgende:

- Registrasie vir honneursstudie moet nie later nie as 31 Januarie geskied.
- 'n B.-graad of 'n Nasionale Hoër Technikon-diploma of 'n gelykwaardige kwalifikasie en twee jaar toepaslike werkservaring.

L.1.25.4.2 Kurrikulumuitkomste

Die leerders sal kennis opdoen oor 'n wye spektrum van fasette van bestuur met die fokus op volhoubare ontwikkeling. Met die kennis sal bestuurders binne hul beroepsituasie beter funksioneer en sal op eie inisiatief 'n bydrae kan lewer om die komplekse sosio-politieke vraagstukke binne die Suid-Afrikaanse samelewing sinvol te interpreteer en om praktiese oplossings te vind en te implementeer.

L.1.25.4.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan leerders toegelaat word tot die magistergraad in Ontwikkeling en Bestuur.

L.1.25.4.4 Kurrikulum : L643P : Openbare Bestuur en Regering

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
HOBR611	Metodologie	16
HOBR612	Openbare Bestuur en Leierskap	16
HOBR613	Beleidsanalise en –implementering	16
HOBR614	Projekbestuur	16
HOBR621	Openbare Menslikhulpbronbestuur	16
HOBR622	Openbare Finansiële Bestuur	16
HOBR623	Openbare Prestasiebestuur	16
HOBR624	Munisipale Bestuur	16
Krediettotaal vir kurrikulum		128

Voorskrif vir die samesetting van die kurrikulum:

Leerders moet al die modules neem.

L.1.26 EKSAMINERING**L.1.26.1 Eksamengeleenthede**

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël A.8.1.

L.1.26.2 Samestelling van die deelnamepunt

'n *Deelnamepunt* vir 'n module (Algemene Reëls A.1.7 en A.8.6) kan saamgestel word uit onder andere toetse, werkstukke en ander vorme van evaluering.

L.1.26.3 Toelating tot die eksamen

- Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n *deelnamebewys* (Algemene Reëls A.1.6 en A.8.6).
- 'n *Deelnamebewys*, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n leerder tot die bevrediging van die skooldirekteur, in oorleg met die betrokke vakgroepvoorsitter, voldoen het aan die vereistes daarvoor wat in die **studiegids** vir die betrokke module uiteengesit is.

L.1.26.4**Modulepunt**

Die *modulepunt* (Algemene reëls A.1.39 en A.8.7.4) word bereken in die verhouding tussen die *deelnamepunt* en die *eksamenpunt* soos aangegee is in die studiegids.

L.1.26.5**Slaagvereistes van 'n module en kurrikulum**

- a) Die bepalings van Algemene Reël A.8 is van toepassing.
- b) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf is, is 40% (Algemene Reël A.8.7.5), behalwe waar dit by spesifieke kurrikulums anders bepaal word.
- c) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamens geskryf is, is 'n modulepunt van 50% (Algemene Reël A.8.7.1).
- d) 'n Kurrikulum word geslaag deur al die modules waaruit die kurrikulum saamgestel is afsonderlik te slaag (Algemene Reël A.8.5).
- e) Algemene Reëls A.8.7.9 en A.8.7.10 reël die vereistes om 'n module of 'n program met onderskeiding te slaag.

L.1.26.6**Herhaling van modules**

Eenmalige herhaling van modules wat nie geslaag is nie, geskied volgens die bepalings van Algemene Reël A.10.

L.1.26.7**Terminering van studie**

'n Leerder se studie kan getermineer word op grond van die bepalings in Algemene Reël A.9.

REËLS VIR MAGISTERGRADE

Die magistergraad is die graad in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte wat volg op 'n honneursgraad of 'n vierjarige graad of ander erkende graad wat deur die Senaat goedgekeur is of nadat die status van 'n honneurs- of 'n vierjarige graad verleen is.

Die studie kan **voltyds of deeltyds** geskied.

Vir die volgende magistergraadprogramme moet die jaarboeke van die onderskeie fakulteite, soos aangedui, geraadpleeg word:

Bedryfsielkunde	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Bedryfsosiologie	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Bybelkunde	Theologie
Ekonomie	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Geografie en Omgewingstudies	Natuurwetenskappe
Menslike Bewegingskunde	Gesondheidswetenskappe
Psigologie	Gesondheidswetenskappe
Rekenaarwetenskap	Natuurwetenskappe
Rekreasiekunde	Gesondheidswetenskappe
Toerismebestuur	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Wiskunde	Natuurwetenskappe

L.1.27 DUUR VAN DIE STUDIE

- Die minimum duur van die studie is **een jaar** en die maksimum duur is **drie jaar** bereken vanaf datum van eerste registrasie vir die betrokke program.
- Algemene Reël A.13.5.2 reël die prosedure vir die verlenging van die studietylperk.

L.1.28 TOELATING EN REGISTRASIE

Die toelatings- en registrasievereistes word gespesifieer in Algemene Reëls A.13.1 en A.13.2. Spesifieke toelatingsvereistes van die onderskeie programme en kurrikulums word in die reëls van die programme en kurrikulums gestel.

L.1.29 GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM

Goedkeuring van die studieprogram en verbandhoudende reëls geskied na aanleiding van die bepalings in Algemene Reël A.13.4.

**L.1.30 MAGISTERGRAADPROGRAMME IN DIE NAVORSINGSEENHEID:
TALE EN LITERATUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS**

L.1.30.1 PROGRAM : MAGISTER ARTIUM — AFRIKAANS EN NEDERLANDS

L.1.30.1.1 Kurrikulum : Afrikaans en Nederlands – (verhandeling)

L.1.30.1.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum

- a) 'n Leerder moet in besit wees van 'n Hons BA-graad in Afrikaans en Nederlands of die status hê van sodanige graad soos deur die Senaat goedgekeur. Die studie-inhoud daarvan moet tot die bevrediging van die vakgroepvoorsitter, **die direkteur van die navorsingseenheid** en, waar nodig, die direkteur van die Skool vir Tale, wees met die oog op die voorgenome MA-studie.
- b) 'n Leerder moet 'n gemiddelde punt van minstens 60% in die Hons BA-ekskamen behaal het. In die geval waar 'n leerder nie 60% in die Hons BA-ekskamen behaal het nie, mag hy/sy aansoek doen om 'n onderhoud te voer met die betrokke vakgroepvoorsitter, die skooldirektein en die direkteur van die navorsingseenheid.

L.1.30.1.1.2 Kurrikulumuitkomste

Die onderstaande uitkomste is generies vir taalkurrikulums op hierdievlak. Die uitkomste word in die verskillende kurrikulums verbesonder volgens die fokus van die kurrikulum (taal- of letterkunde), die aard van die vak, die taal en die letterkunde wat bestudeer word.

- a) Die inwin van wetenskaplike feitekennis, insig in die samehang van verbandhoudende sake deurdat op interdissiplinêre wyse omgegaan is met die akademiese aanbod.
- b) Die vermoë om probleme op kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos.
- c) Die vermoë om kennis selfstandig te kan verwerv, te beheers, toe te pas, te analyseer, te integreer en gefundeerd te kan evalueer.
- d) Die leerder moet 'n doeltreffende leerder wees wat die noodsaaklikheid van lewenslange leer besef.
- e) Die vermoë om 'n eie denkraamwerk te kan verwoord en te verantwoord met verwysing na die Christelike en ander lewensbeskouings.
- f) Die vermoë om die aard en inhoud van die letterkunde in Afrikaans en Nederlands te ken en te begryp.
- g) Die vermoë om die linguistiese aard van verskeie tale te ken en te beheers.
- h) Die vermoë om verskeie literêre en linguistiese teorieë te ken en te beheers.
- i) Die vermoë om krities met die metodologieë van verskillende teorieë te kan omgaan.
- j) Die vermoë om op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n eie literêre oordeel te vorm en te formuleer.

- k) Die vermoë om die waarde van taal en literatuur te kan oordra in beroepsituasies.
- l) Die vermoë om die kulturele verskeidenheid van SA en die wêreld in die talige en literêre verskynsels te herken, te begryp en te kan oordra aan ander.

L.1.30.1.1.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan leerders toegelaat word tot die PhD in Afrikaans en Nederlands of in Algemene Taal- en Literatuurwetenskap.

L.1.30.1.1.4 Ander reëls

Die verskillende kurrikulums en modules waaruit 'n leerder kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die betrokke vakgroep volgens sy bepaalde omstandighede in 'n betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier 'n rol speel.

L.1.30.1.1.5 Kurrikulum : L800P : Afrikaans en Nederlands (verhandeling)

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
AFNL871	Afrikaans en Nederlands: (verhandeling)	128
Krediettotaal vir die kurrikulum		128

L.1.30.1.2 Kurrikulum : Afrikaans en Nederlands – (skripsijsie)

L.1.30.1.2.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum

- a) 'n Leerder moet in besit wees van 'n Hons BA-graad in Afrikaans en Nederlands of die status hê van sodanige graad soos deur die Senaat goedgekeur. Die studieinhoud daarvan moet tot die bevrediging van die vakgroepvoorsitter, die **direkteur van die navorsingseenheid** en, waar nodig, die direkteur van die Skool vir Tale, wees met die oog op die voorgenome MA-studie.
- b) 'n Leerder moet 'n gemiddelde punt van minstens 60% in die Hons BA-eksaam behaal het. In die geval waar 'n leerder nie 60% in die Hons BA-eksaam behaal het nie, mag hy/sy aansoek doen om 'n onderhoud te voer met die betrokke vakgroepvoorsitter, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingseenheid.

L.1.30.1.2.2 Kurrikulumuitkomste

- b) die leerder sal daartoe in staat wees om by wyse van kunsgeskiedkundige analise en interpretasie die gekose navorsingsarea aan die hand van toepaslike navorsingsmetodes te kan kontekstualiseer, en om op 'n uitgebreide skaal nuwe insigte en kennis tot die dissipline toe te voeg. Die leerder sal bewys kan lewer van insig ten opsigte van eietydse gebeure binne die kunsgeskiedenis deur sodanige gekose veld van studie te kontekstualiseer en binne aktuele en relevante verbande te motiveer;
- c) in samehang met bogenoemde punt, sal die leerder oor die vermoë beskik om volgens voorskrifte 'n navorsingsvoorstel saam te stel en suksesvol af te handel, self die navorsingsproses op 'n gevorderdevlak te bestuur, verantwoordbare resultate te bereik en verantwoordelikheid te aanvaar vir die navorsingsuitkomste;
- d) die leerder sal bemagtig wees tot posisionering binne die veld van studie met pertinente verwysing na postkritiese denkstrukture, en oor die besondere vermoë beskik om 'n kunsgeskiedkundige standpuntinname te kan maak binne Reformatoriesgerigte raamwerke. Sodanige posisionering veronderstel dat die leerder ook die breër verbande van kunsgeskiedkundige deeldissiplines sal begryp, en met gesag die gekose tema binne die vakmetodologie, vakfilosofie en vakteorie sal kan kontekstualiseer; en
- e) by voltooiing van die PhD-graad sal die leerder oor hoëvlakgespesialiseerde insigte en kennis rakende die beginsels, tegnieke en praktyke binne die gekose veld van navorsing beskik. Dit impliseer dat die

leerder oor die vermoë sal beskik om as kunsgeskiedkundige 'n hoë etiese en morele waardesisteem te kan handhaaf. Dit moet in sowel kunsgeskiedkundige as deeldissiplinêre wetenskappe kan plaasvind. Dit sluit in 'n toepaslike professionele uitgangspunt en werksetiek wat uitnemendheid binne die vakgebied sal verseker, en 'n sensitiwiteit sal toon vir die wyse waarop kunsgeskiedkundiges hulself in 'n multikulturele omgewing laat geld.

L.1.40.2.1.3 Kurrikulum : L925P : Kunsgeskiedenis

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
KSGS971	Kunsgeskiedenis : (proefskrif)	128
Krediettotaal vir die kurrikulum		128

L.1.40.3 PROGRAM : PHILOSOPHIAE DOCTOR — LATYN

L.1.40.3.1 Kurrikulum: Latyn

L.1.40.3.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes

- a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël A.14.1, moet 'n leerder in besit wees van 'n magistergraad in Latyn of 'n gelykwaardige kwalifikasie. Die studie-inhoud daarvan moet tot die bevrediging van die vakgroepvoorsitter, die direkteur van die Fokusarea en, indien nodig, die direkteur van die Skool vir Tale wees.
- b) Die magistergraad wat toelating tot hierdie kurrikulum bied, moet met 'n gemiddelde punt van minstens 60% verwerf word. Leerders wat nie 'n punt van 60% vir die toepaslike magistergraad verwerf het nie, kan aansoek doen om met die betrokke vakgroepvoorsitter, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingsfokusarea 'n onderhoud te voer.

L.1.40.3.1.2 Kurrikulumuitkomste

Die onderstaande uitkomste is generies vir taalkurrikulums op hierdievlak. Die uitkomste word in die verskillende kurrikulums verbesonder volgens die fokus van die kurrikulum (taal- of letterkunde), die aard van die vak, die taal en die letterkunde wat bestudeer word.

- a) Die inwin van wetenskaplike feitekennis, insig in die samehang van verbandhouende sake deurdat op interdissiplinêre wyse omgegaan is met die akademiese aanbod.
- b) Die vermoë om probleme op kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos.
- c) Die vermoë om kennis selfstandig te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te analyseer, te integreer en gefundeerd te kan evalueer.
- d) Die vermoë om 'n eie denkraamwerk te kan verwoord en te verantwoord met verwysing na die Christelike en ander lewensbeskouings.
- e) Die vermoë om die aard en inhoud van die letterkunde in verskeie tale te ken en te begryp.

- f) Die vermoë om die linguistiese aard van Latyn te ken en te beheers.
- g) Die vermoë om verskeie literêre en linguistiese teorieë te ken en te beheers.
- h) Die vermoë om krities met die metodologieë van verskillende teorieë te kan omgaan.
- i) Die vermoë om op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n eie literêre oordeel te vorm en te formuleer.
- j) Kenmerkend van alle doktorale programme is dat die uitkoms daarvan 'n oorspronklike bydrae tot die uitbou van die betrokke vakgebied sal wees.

L.1.40.3.1.3 Kurrikulum : L930P : Latyn

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
LATN971	Latyn : (proefskrif)	128
Krediettotaal vir die kurrikulum		128

L.1.40.4 PROGRAM : PHILOSOPHIAE DOCTOR — MUSIEK

L.1.40.4.1 Kurrikulum : Musiek

L.1.40.4.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program en kurrikulum

Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël A.14.1, moet 'n leerder oor 'n magistergraad in Musiek beskik.

L.1.40.4.1.2 Kurrikulumuitkomste

Aan die einde van die studie is die leerder in staat om 'n bydrae van uitsonderlike hoë gehalte te maak tot die ontwikkeling van nuwe kennis in die veld van die musiekwetenskap.

L.1.40.4.1.3 Kurrikulum : L935P : Musiek

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MUSN971	Musiek : (proefskrif)	128
Krediettotaal vir die kurrikulum		128

L.1.40.5 PROGRAM: DOCTOR MUSICAE — MUSIEK

L.1.40.5.1 Kurrikulum: Musiekuitvoering

L.1.40.6 Spesifieke toelatingsvereistes van die program en kurrikulum

Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël A.14.1, geld die volgende toelatingsvereistes:

- a) 'n leerder moet oor 'n magistergraad in Praktiese Musiek beskik;

- b) 'n praktiese oudisie.

L.1.40.6.1.1

Kurrikulumuitkomste

Aan die einde van die studie is die leerder in staat om 'n bydrae van uitsonderlike hoë gehalte te maak tot die ontwikkeling van nuwe kennis en veral uitvoeringsvaardighede in die veld van uitvoerende musiek.

L.1.40.6.1.2

Kurrikulum : L936P : Musiekuitvoering

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MUSN972	Musiek: (skryfstuk)	32
MUSN974	Konsertprogram 1	24
MUSN975	Konsertprogram 2	24
MUSN976	Konsertprogram 3	24
MUSN977	Konsertprogram 4	24
Krediettotaal vir die kurrikulum		128

Die kurrikulum bestaan uit die volgende:

- i) 'n Skryfstuk (MUSN972) van beperkte omvang.
- ii) Vier konsertprogramme van ten minste 60 minute elk.

L.1.41

EKSAMINERING

Waar van toepassing geld die bepalings van Algemene reëls A.8 ook vir hierdie kwalifikasie.

Eksamining van die proefskrif vind plaas kragtens die bepalings in Algemene reël A.14.7.

L.1.42

VEREISTES VIR 'N PROEFSKRIF

'n Proefskrif moet voldoen aan die vereistes soos neergelê in Algemene Reël A.14.8.

L.1.43

INDIENINGSPROSEDURE

Die prosedure vir die indiening van 'n proefskrif is beskryf in Algemene Reël A.14.9.

L.1.44

TERMINERING VAN DIE STUDIE

'n Leerder se studie kan getermineer word op grond van die bepalings in Algemene reël A.9.

NAGRAADSE DIPLOMA IN FILOSOFIE

Die kurrikulum vir hierdie kwalifikasie word **voltyds** sowel as **deeltyds** aangebied.

L.1.45 TOELATING EN REGISTRASIE

Toelating geskied kragtens Algemene Reëls A.4 en A.5.

L.1.46 DUUR

- Die minimum duur is **een jaar** en die maksimum duur is **drie jaar** vir voltydse sowel as deeltydse studie.
- Verlenging van die studietylperk geskied kragtens Algemene Reël A.11.

L.1.47 PROGRAM : FILOSOFIE

L.1.47.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program en kurrikulum

As toelatingsvereiste geld enige B.-graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

L.1.47.2 Kurrikulumuitkomste

Met die kennis in die kurrikulum opgedoen, sal leerders beter toegerus wees om krities na hulle kulturele en sosiale omgewing te kyk, en polities, kultureel, godsdienstig en beroepsgewys 'n lewensbeleid te formuleer, asook verder filosofies te spesialiseer.

L.1.47.3 Kurrikulum : L700P : Filosofie

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FILT571	Basiese Sistematiese Filosofie	16
FILT572	Samelewingsbeskouings en Burgerlike Samelewing	16
FILT573	Kritiese en Kreatiewe Denke en Metodologie	16
FILT574	Menswaardigheid en die Menslike Self	16
FILT575	Ideëgeskiedenis	16
FILT576	Etiel en Kultuurfilosofie	16
FILT577	Wetenskapsfilosofie en Ideologiekritiek	16
FILT578	Werkstuk met 'n Vakfilosofiese Tema	16
Krediettotaal vir kurrikulum		128

Voorskrif vir die samestelling van die program:

'n Leerder moet al die modules aflê.

L.1.48 EKSAMINERING

Die bepalings van Algemene Reël A.8 is van toepassing op die eksaminering van diplomas.

L.1.49

TERMINERING VAN STUDIE

Terminering van studie geskied kragtens Algemene Reël A.9.

ADVANCED UNIVERSITY DIPLOMA IN TEACHING OF ENGLISH TO SPEAKERS OF OTHER LANGUAGES (TESOL)

From 2006 no new enrolments will be accepted for this qualification.

This programme is intended as an upgrading qualification for teachers and others interested in the teaching of English.

L.1.50 ADMISSION AND REGISTRATION

Admission and registration take place in accordance with General Rule A.4 and A.5

L.1.51 DURATION

The minimum duration for this diploma is **two years** and the maximum duration is **three years**.

L.1.52 PROGRAMME : TEACHING OF ENGLISH TO SPEAKERS OF OTHER LANGUAGES

L.1.52.1 Specific admission requirements for the programme and curriculum

- a) The admission requirement is an applicable three-year bachelor's degree OR a four-year teachers diploma or degree.
- b) English as a subject must have been passed at NQF Level 5 OR equivalent.

L.1.52.2 Curriculum outcomes

At the end of this course learners should

- a) have improved their overall language competence and proficiency;
- b) use the language skills and language elements accurately and effectively;
- c) be able to teach the language skills and language elements with more confidence and accurately;
- d) be familiar with lesson design principles;
- e) be knowledgeable about theories of second language acquisition;
- f) have knowledge of the field of second/foreign language learning;
- g) be familiar with OBE terminology and principles;
- h) be able to assess accurately and effectively; and
- i) be knowledgeable about the role of literature in second/foreign language education.

L.1.52.3 Curriculum : L710C : Teaching of English to Speakers of Other Languages

Module code	Descriptive name	Credits
ENDT511	English Language Studies	32
ENDT521	Course planning, Lesson Design and Assessment	32
ENDT512	Learning a Second/Foreign Language	32
ENDT522	Teaching of Literature	32
Total of credits for the curriculum		128

L.1.53 EXAMINATION

Examination takes place in accordance with General Rule A.8.

L.1.54 TERMINATION OF STUDY

Termination of a learner's study may be executed in accordance with General Rule A.9.

MODULE UITKOMSTE : HONNEURSGRADE

L.1.55 AFRIKAANS EN NEDERLANDS

AFLW671: BENADERINGSWYSES VAN DIE LITERATUURWETENSKAP

Pk 1X3 1:1

Aan die einde van hierdie module moet die leerder kan aantoon dat hy/sy

- die gekose benaderingswyses beheers, kan beoordeel en kan toepas op eietydse Suid-Afrikaanse en wêreltekste;
- sleuteltekste uit die gekose benaderingswyses kan ontleed en kan beoordeel, en
- sleutelbegrippe en teorieë vir die navorsing binne die fokusarea kan verduidelik, kontekstualiseer, beoordeel en toepas.

AFLW672: NARRATOLOGIE: ROMAN EN FILM

Pk 1X3 1:1

Aan die einde van hierdie kursus moet leerders beskik oor

- 'n deeglike kennis van narratologie en die resente aanpassings en ontwikkelings in die teorie van die bestudering van narratiewe tekste;
- 'n goeie basiese kennis van visuele geletterdheid en die film as 'n medium van meervoudige kommunikasie asook filmteorie;
- begrip van die verskille in kommunikasietegnieke en style in verskillende media;
- die vermoë om die teoretiese kennis uit die narratologie en die filmteorie te gebruik om kreatiewe interpretasies van romans en tekste te maak en die tekste as sodanig en die verskillende media te vergelyk;
- die vermoë om die narratiewe tegnieke in tekste, hetsy talig of visueel van aard, te kan interpreteer. Dit behels die vermoë om aan te toon hoe dat tegnieke gebruik word om estetiese en ideologiese klemplasings en klemverskuwing teweeg te bring;
- die vermoë om uitgebreide referate oor die geïnterpreteerde tekste te skryf, waarin sowel die wetenskaplike struktuur van die werkstuk as die wetenskaplike vaardighede van beskrywing, analise, interpretasie, vergelyking en evaluering tot hulle reg kom;
- die vermoë om deel te neem aan 'n debat oor waardes na aanleiding van die gesprek tussen tekste en werkliekheid en waardesisteme wat insluit die vermoë om 'n eie standpunt en siening te vorm en te verwoord.

AFNG671: AFRIKAANSE TAALPRAKTYK

Pk 1X3 1:1

Na afloop van hierdie module moet die leerder in staat wees

- om taalteorie en taalpraktyk te versoen;
- om sekondêre en primêre taalgebruiksbronne te kan identifiseer en gebruik;
- om selfstandig te kan beredeneer oor normering as konsep in die taalkunde;
- om basiese teksversorging te doen;
- om hom/haar te kan verantwoord oor die geldigheid van 'n goed versorgde taalteks al dan nie.

AFNG672: AFRIKAANSE TAALKUNDE: TEMAS EN TENDENSE

Pk 1X3 1:1

Aan die einde van hierdie module moet die leerder kan aantoon dat hy/sy

- 'n grondige kennis het van die terrein van die Afrikaanse taalkunde, met spesifieke verwysing na die grammatica van Afrikaans; en
- 'n verskeidenheid teoretiese en beskrywingsraamwerke kan gebruik in die analise, beskrywing en verklaring van konstruksies in die Afrikaanse grammatica.

AFNG673: SOSIOLINGUISTIEK

Pk 1X3 1:1

Na afloop van hierdie module moet die leerder in staat wees

- om die basiese terminologie van die sosiolinguistiek en taalsosiologie te definieer en te gebruik;
- om die oorsake van taalvariasie te identifiseer en verklaar;
- om die dataversamelingstegnieke van die sosiolinguistiek te verduidelik en self toe te pas in navorsingsprojekte;
- om die data-interpretasiemetodes van die sosiolinguistiek te verduidelik en self toe te pas in navorsingsprojekte;
- om primêre navorsingsliteratuur selfstandig te bestudeer en interpreteer;
- om 'n navorsingsprojek te beplan en uit te voer;
- om resultate van 'n navorsingsprojek op gepaste wyses in geskrewe en gesproke media te kommunikeer;
- om die standpunte oor die standaardisering van Afrikaans te identifiseer, verduidelik, sintetiseer en 'n eie gemotiveerde standpunt te formuleer;
- om die Suid-Afrikaanse taalbeleid te verduidelik, en
- om 'n taalplan op te stel vir 'n selfgekose doel en organisasie.

AFNG674: TEKSLINGUISTIEK

Pk 1X3 1:1

Na afloop van hierdie module moet die leerder in staat wees

- om die basiese teoretiese uitgangspunte van die tekslinguistiek te kan beheers;
- om die insigte van die tekslinguistiek op gekose tekste te kan toepas;
- om hom/haar te kan verantwoord oor die geldigheid van 'n goeie "teks" al dan nie.

AFNL611: NAVORSINGSMETODOLOGIE

Pk 1X3 1:1

Aan die einde van hierdie kursus moet die leerder die belangrikste wetenskapsteorieë en metodologieë beheers, kan beoordeel en prakties kan toepas in 'n stuk selfstandige navorsing.

AFNL671: POËSIE EN INTERTEKS

Pk 1X3 1:1

Na afloop van hierdie kursus moet die leerder

- gedigte kan ontleed met behulp van opvattingsoorlêring;
- die wisselwerking tussen gedig en poëтика in die gekose gevalle kan aantoon en evalueer;
- opvattingsoorlêring as inherent alternatiewe denke kan beredeneer en beoordeel ;
- die ontwikkeling in die werk van 'n gekose digter kan aantoon, en
- vraagstukke oor die waarde en relevansie van die poësie prinsipieel kan beredeneer.

AFNL672: AFRIKAANSE VERHALENDE TEKSTE

Pk 1X3 1:1

Na afloop van hierdie kursus moet leerders oor die volgende kennis en vaardighede beskik:

- 'n deeglike kennis van en insig in die literêr-historiese ontwikkelinge in die Afrikaanse prosa van die begin van die twintigste eeu tot die hede;
- die vermoë om 'n deeglike narratologiese analise van enige verhalende teks te maak en om die resultaat van die analise met behulp van verskeie teoretiese raamwerke te interpreteer, d.w.s. die leerder moet 'n selfstandige analise en interpretasie van 'n verhalende teks op 'n gevorderdevlak maak;
- die vermoë om teorie en teksanalise te integreer en te kontekstualiseer, d.w.s. die vermoë om die aktualiteit en relevansie van sowel 'n teks as 'n interpretasie te laat realiseer;
- begrip van die resente ontwikkelinge in die Afrikaanse prosa sodat die belangrike temas van die afgelope dekade met insig beredeneer en verduidelik kan word;

- die vermoë om bepaalde prominente tendense (wat wissel na gelang van gekose tekste) te kan aantoon en bespreek met verwysing na literêr-historiese, teoretiese, estetiese en kontekstuele aspekte;
- die vermoë om 'n deeglik gestruktureerde wetenskaplike referaat te skryf waarin die beskrywing, analise, interpretasie, vergelyking en evaluering van tekste sowel teoreties begrond as gekontekstualiseer aangebied word;
- die vermoë om deel te neem aan 'n debat oor waardes na aanleiding van die gesprek tussen tekste en werklikheid en waardesisteme wat insluit die vermoë om 'n eie standpunt en siening te vorm en te verwoord.

AFNL673: DRAMA, TEKS EN TEATER

Pk 1X3 1:1

By voltooiing van die module moet die leerder

- die verband tussen drama en teater, teks en opvoering kan beskryf;
- die struktuur en tekstuur van Afrikaanse dramas krities kan ontleed en kan beoordeel;
- in staat wees om d.m.v. werkstukke bewys te lewer van 'n literêr-teoretiese begronding;
- die verhouding tussen betekenis en kommunikasie binne die dramateks kan evaluateer en kan beskryf;
- verskillende dramavorme en teaterstyle kan beskryf en hierdie kennis kan toepas op voorbeelddramas;
- selfstudie-eenhede oor die ontwikkeling van dramageschiedenis kan voltooи, en
- oeuvre-studies selfstandig kan onderneem.

AFNL674: ASPEKTE VAN DIE NEDERLANDSE LETTERKUNDE

Pk 1X3 1:1

Na afloop van hierdie kursus moet die leerder

- die basiese ensiklopedie van die Nederlandstalige letterkunde ken en kan verduidelik;
- die gekose outeurs, werke, temas en probleme ondersoekend kan benader;
- die gekose outeurs, werke, temas en probleme entoesiasties en ondersoekend kan benader;
- die gekose werke, outeurs en probleme met die Suid-Afrikaanse situasie en die Afrikaanse letterkunde kan vergelyk;
- teoretiese konsepte vrugbaar kan gebruik in en deur die studie van die gekose werke, outeurs en temas, en
- die Nederlandstalige literatuur geniet en entoesiasties wees oor die venster wat dit oopmaak op die Nederlandstalige wêreld.

AFNL675: AFRIKAANSE EN NEDERLANDSE KINDER- EN JEUGLITERATUUR

Pk 1X3 1:1

By voltooiing van die kursus behoort die leerder in staat te wees om

- 'n beredeneerde oorsig te gee van die ontwikkeling van kleuter, kinder- en jeugliteratuur oor die eeue teen die agtergrond van wêreldgebeure en veranderende filosofiese en kunsteoretiese tendense;
- 'n verskeidenheid Afrikaanse en Nederlandse tekste te kan analyseer, interpreteer en evaluateer ten opsigte van die genre (prosa, poësie, drama/toneel) in verskillende vorme: boeke, manipuleerbare boeke, kassette, CD-ROM, televisiereekse, die internet en films;
- verbande te lê tussen die heterogeniteit van die representasie van die lewensvisie in kinder- en jeugliteratuur en die effek daarvan op die individu en die samelewing.

AFNL676: AFRIKAANSE SKRYFKUNS

Pk 1X3 1:1

Na voltooiing van hierdie kursus behoort die leerder toegerus te wees

- om verdere selfstandige navorsing in die vak te kan onderneem, veral op die gebied van die skep van prosa, poësie en kinderliteratuur, en

- behoort die leerder daar toe in staat te wees om self 'n publiseerbare teks te skep.

AFNL677: CAPITA SELECTA

Pk 1X3 1:1

Die leerder kan 'n module uit 'n aanverwante taalvak neem as *capita selecta*-module.

Die uitkomste vir hierdie module moet aansluit by die breë uitkomste wat gestel word vir honneursmodules.

AFNL678: AFRIKAANSONDERRIG

Pk 1X3 1:1

By voltooiing van die kursus behoort die leerder in staat te wees om

- 'n histories-vergelykende en kritiese oorsig te kan gee van veranderings/ontwikkelinge in die benaderings van (1) taalonderwys oor die algemeen met die klem op die deeldissiplines taalkunde, letterkunde, skryfwerk en mondelinge interpersoonlike kommunikasie, en (2) die uitkomsgerigte benadering in die leerarea taal, geletterdheid en kommunikasie met toespitsing op luister, praat, lees en skryf;
- bewys te kan lewer van 'n grondige kennis van en insig in relevante kennis (in die wydste sin van die woord) van Afrikaansonderrig – vanaf die grondslagfase tot die tersiäre fase;
- die implikasies van die huidige beleid vir Afrikaansonderrig in die grondslagfase, die intermediére fase, die senior fase, die verdere onderwys- en opleidingsband asook die hoër onderwys- en opleidingsband (tersiäre onderrig) op kritiese en kreatiewe wyses te verken en te kan toepas in die onderwyspraktyk, en
- om die fasilitering van Afrikaans in alle onderwysfases op 'n waarde-georiënteerde wyse te kan laat realiseer.

AFTW671: TAAL, TEKS & TEGNOLOGIE

Pk 1X3 1:1

Aan die einde van hierdie module moet die kandidaat kan aantoon dat hy/sy

- 'n grondige kennis het van die terrein van die Taaltegnologie in die algemeen;
- in spanverband kan saamwerk aan die ontwikkeling van spraak- en tekstegnologiese toepassings vir Afrikaans; en
- taaltegnologiese probleme en uitdagings met betrekking tot die Afrikaanse grammatika kan identifiseer en sinvolle oplossings daarvoor kan suggereer.

L.1.56 ENGLISH

ENGH671: RESEARCH METHODOLOGY AND DISSERTATION

Pk 1X3 1:1

On completion of this module the learner should

- be knowledgeable about literary and linguistic research methodologies in general;
- be able to use a range of relevant electronic databases, Internet, and other research resources;
- be able to draft research proposals which conform with to generally-accepted norms and criteria;
- be able to formulate valid and scholarly problem statements;
- be able to construct/design research theses/hypotheses;
- be able to write an extended research paper in which he/she demonstrates the ability to analyse literary texts and linguistic phenomena;
- be able to integrate other viewpoints and criticism of schools of thought, theories, views and trends into an reasonably independent argument;
- be able to formulate a personal viewpoint logically and coherently while acknowledging and evaluating those of others in a responsible and scholarly manner;

- be able to manage critical and scholarly discourse in fluent and fairly sophisticated English; and
- be able to transfer these above skills to the writing of shorter papers in other English courses.

ENGH672: ENGLISH LANGUAGE STUDIES

Pk 1X3 1:1

Upon completion of this module the learner should be able to

- distinguish between the various linguistic domains;
- analyze linguistic structures and functions in depth;
- use appropriate methodologies for the analysis of different types of linguistic data;
- interpret the findings of linguistic analysis within a consistent theoretical framework.

ENGH673: APPLIED LANGUAGE STUDIES

Pk 1X3 1:1

On completion of this module the learner should be able to

- explain the key issues in SLA;
- describe the role of the first language in SLA;
- characterise interlanguage;
- explain how individual differences influence SLA;
- explain how input and interaction influence SLA;
- describe learner strategies;
- discuss and evaluate the universal grammar theory of SLA;
- discuss the role of formal instruction in SLA;
- distinguish between approaches and methods in language teaching;
- discuss and evaluate the Audio lingual Method;
- describe and evaluate Communicative Language Teaching;
- describe and evaluate the Natural Approach to language teaching.

ENGH674: TRANSLATION STUDIES

Pk 1X3 1:1

On completion of this module the learner should be able to

- understand, describe and apply the different approaches to translation;
- know and apply the different translation strategies to different cultural and socio-economic settings;
- understand and critically apply the different communicative stylistic and textual norms to realize appropriate communication;
- describe the concept of equivalence from a theoretical perspective;
- describe and apply different relevant procedures and techniques in the translation process;
- understand and apply different techniques when translating between cultures;
- identify and describe different text types and language functions and know the procedures to translate them;
- use correct language and be able to edit a text;
- distinguish between different modes and types of translation, know how to approach each of these and which procedures to apply in each specific translation type;
- understand and apply the rights and duties of a translator; and
- understand and apply the specific requirements of the client.

ENGH675: TWENTIETH-CENTURY LITERARY STUDIES

Pk 1X3 1:1

On completion of this module the learner should

- be knowledgeable about which illustrate the complex dialectic between epistemological and ontological issues in representative twentieth-century novels;
- be able to identify, describe, analyse and compare the textual characteristics of the selected texts and be able to relate these to the larger movements of the period;
- be able to comment critically on the underlying philosophical assumptions and fictional techniques evolving from the literary "trends" or "periods" of Modernism and Postmodernism;
- be knowledgeable about the role that these techniques play in the reader's reading and interpretative processes;
- be able to apply his/her knowledge of different theoretical approaches in their interpretations of both narrative and poetic texts;
- be able distinguish some major voices in twentieth-century British poetry;
- situate each poet studied within British literary culture of the time;
- analyse and interpret with some sophistication the variety of poetic voices.;
- be cognisant of relevant critical material in the field.

ENGH676: SA AND POSTCOLONIAL LITERARY STUDIES

Pk 1X3 1:1

On completion of this module the learner should

- be able to construct and motivate a viable definition of the term "postcolonial";
- be knowledgeable about important postcolonial writers in general;
- be able to discuss and refer to several seminal postcolonial authors in particular;
- be able to relate postcolonial writing to the South African context;
- be able to come to substantial conclusions about the significance of the postcolonial approach to and its value for South African society;
- be able to distinguish some major voices in black South African literature;
- be able to engage critically with the questions of subjectivity and identity formation;
- be able to explore with some sophistication the two main generic representations of identity, viz. poetry and autobiography;
- be able to interpret selected poems, novels and autobiographies from the angles of race, class and gender;
- be able to come to substantiated conclusions about the significance of the approach and its value for contemporary South African society; and
- be cognisant of relevant critical material in the field.

ENGH677: 16TH AND 17TH CENTURY LITERARY STUDIES

Pk 1X3 1:1

On completion of this module the learner should

- be knowledgeable about the historical, dramatic, intellectual, philosophical and literary contexts of the period;
- be able situate a range of plays by Shakespeare and other dramatists in these contexts;
- be knowledgeable about the development of drama as a genre during this period;
- be able to read the selected texts from different theoretical, historical and literary perspectives; and
- be cognisant of relevant critical material in the field.

ENGH678: CAPITA SELECTA

Pk 1X3 1:1

The learner may take a module from a language related subject. The outcomes of this module should correspond with the broad outcomes of honours modules.

ENGH679: LANGUAGE AND LITERARY THEORY

Pk 1X3 1:1

On completion of this module the learner should

- be able to discuss a broad range of theoretical views about the way language and literature can be approached as an object of scientific and scholarly investigation;
- be knowledgeable about a range of critical approaches and theories of the Western literary tradition;
- be aware of the complex genealogy of modern critical discourse;
- be able to evaluate the various approaches to the definition of the concept of language and formulate an own view;
- have developed a critical understanding of the place and role of English in the global context;
- be able to describe with some sophistication the relationship between various theories and the issues which they deal with;
- be knowledgeable about the assumptions, methods, advantages and limitations of each theory so as to be able to develop a personal critique of these theories; and
- be able to manage critical and theoretical discourse in fluent and fairly sophisticated English.

ENGT671: ENGLISH CORPUS LINGUISTICS

Pk 1X3 1:1

On completion of this module the learner should

- identify and discuss the major publicly available corpora in English and evaluate their uses;
- explain the principles of corpus design;
- identify, explain and interpret mark-up for corpora, and design mark-up schemes in appropriate formats;
- use appropriate software to analyze corpora;
- analyze and interpret data on the lexical and grammatical levels in corpora, including the relationship between the two levels;
- use learner corpora to analyze second language data.

L.1.57 FILOSOFIE

FILH 671: INLEIDING IN DIE FILOSOFIE

Pk 1X3 1:1

Hierdie module is ontwerp as oriëntering in die **sistematisiese filosofie** vir leerders wat tot die honneursvlak toegelaat word, maar wat min of geen formele opleiding in die Filosofie op voorgraadse vlak gehad het nie. Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die leerder

- vertroud wees met van die belangrikste vrae wat ter sprake kom in van die basiese dissiplines van die filosofie (waaronder ontologie, antropologie, samelewingsfilosofie, kenteorie, etiek en kultuurfilosofie),
- van die belangrikse figure en hul idees in hierdie dissiplines kan herken,
- 'n begin kan maak met die artikulering van 'n eie standpunt ten opsigte van die probleme in hierdie dissiplines.

FILH 672: IDEËGESKIEDENIS

Pk 1X3 1:1

Hierdie module is ontwerp as oriëntering in die geskiedenis van die Filosofie vir leerders wat tot die honneursvlak toegelaat word, maar min of geen formele opleiding in die Filosofie op voorgraadse vlak gehad het. Na suksesvolle voltooiing van die module sal die leerder 'n inleidende kennis hê van die belangrikste idees en denkers in die wêreldkultuur, en 'n begin kan maak om hierdie denkers en hul idees krities te evaluaeer.

FILH 673: KONTEMPORÈRE FILOSOFIE

Pk 1X3 1:1

Na afloop van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om

- die tekste van prominente kontemporêre filosowe asook prominente kontemporêre filosofiese tekste te kan analyseer, interpreteer, en kritiseer;
- prominente kontemporêre idees oor die volgende filosofiese temas te kan weergee en evalueer:
 - + 'n tispering van die huidige tyd en denke (bv. modernisme, postmodernisme, rasionalisme, irrasionalisme ens.) asook hoe hierdie tyd ontwikkel het.
 - + ontologie, dit wil sê idees oor onder andere die ontstaan, voortbestaan, gestructureerdheid, asook eenheid en verskeidenheid van die werklikheid.
 - + kenteorie, dit wil sê idees oor die verhouding tussen die werklikheid en menslike kennis;
 - + antropologie, samelewingsleer en etiek, dit wil sê idees en konsepte oor wie en wat die mens is, hoe mense met mekaar saamleef, en hoe mense mekaar behoort te behandel.

FILH 674: REFORMATORIESE FILOSOFIE

Pk 1X3 1:1

Na afloop van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om

- die tekste van prominente Reformatoriese filosowe asook prominente Reformatories-filosofiese tekste te kan analyseer, interpreteer, en kritiseer;
- prominente Reformatoriese idees oor die volgende filosofiese temas te kan weergee en evalueer:
 - 'n tispering van die huidige tyd en denke (bv. modernisme, postmodernisme, rasionalisme, irrasionalisme ens.) asook hoe hierdie tyd ontwikkel het.
 - ontologie, dit wil sê idees oor onder andere die ontstaan, voortbestaan, gestructureerdheid, asook eenheid en verskeidenheid van die werklikheid.
 - kenteorie, dit wil sê idees oor die verhouding tussen die werklikheid en menslike kennis.
 - antropologie, samelewingsleer en etiek, dit wil sê idees en konsepte oor wie en wat die mens is, hoe mense met mekaar saamleef, en hoe mense mekaar behoort te behandel.

FILH 675: KULTUURFILOSOFIE

Pk 1X3 1:1

Na afloop van hierdie module behoort studente in staat te wees om

- prominente tekste waarin spesifieke probleme binne die huidige kultuur (o.a. utopiese denke, omgewingsproblematiek, ideologieë, ens.) aan die orde kom, te kan analyseer, interpreteer, en kritiseer;
- 'n eie filosofiese standpunt oor van die groot probleme binne die huidige kultuur te kan begin formuleer.

FILH 676: WETENSKAP EN METODOLOGIE

Pk 1X3 1:1

Na afloop van hierdie module behoort studente in staat te wees om

- die ontwikkeling van denke oor die aard en funksie van wetenskap in die moderne en postmoderne eras te verstaan en krities daarop kan reageer;
- die tekste en idees van prominente kontemporêre en Reformatoriese filosowe asook prominente kontemporêre en Reformatoriese tekste oor wetenskap en metode te kan analyseer, interpreteer, en kritiseer;
- 'n eie filosofiese standpunt oor wetenskap en metode te kan begin formuleer.

FILH 677: PROJEK

Na afloop van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om 'n filosofiese probleem te identifiseer, dit sistematies en krities te beredeneer en tot wetenskaplik geldige konklusies te

kom. Die leerder moet ook demonstreer dat hy/sy die wetenskaplike skryfstyl en verwysingstegniek onder die knie het.

L.1.58 GESKIEDENIS

GESK611: GESKIEDENIS: METODIEK EN TEORIE

Pk 1X3 1:1

Die leerder moet in staat wees om historiese teorieë te analiseer en te evaluateer en om die metodes van Geskiedenis-navorsing toe te pas in die versameling, analisering en evaluering van inligting.

GESK612: GESKIEDENIS:HISTORIOGRAFIE

Pk 1X3 1:1

Die leerder moet in staat wees om die verskillende strominge in die geskiedskrywing (gefokus op die Westerse en Suid-Afrikaanse tradisies) tot in die moderne tyd te identifiseer, te analiseer en die betekenis daarvan vir die Geskiedenis-as-Wetenskap aan te duі.

GESK623: GESKIEDENIS: SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS: 'N GESELEKTEERDE TEMA

Pk 1X3 1:1

Die leerder moet in staat wees om rakende 'n geselekteerde tema van die Suid-Afrikaanse geskiedenis

- wetenskaplike feitekennis in te win en met insig die samehang van verbandhoudende sake aan te duі.
- historiese vraagstukke te kan identifiseer, analiseer, evaluateer en op kreatiewe wyse voorstelle te kan maak om probleme op te los.
- as 'n doeltreffende leerder die noodsaklikheid van lewenslange leer te besef.
- om 'n eie denkkraamwerk te kan verwoord en te verantwoord met verwysing na die Christelike en ander lewensbeskouings.

GESK624: GESKIEDENIS: AFRIKA-GESKIEDENIS: 'N GESELEKTEERDE TEMA

Pk 1X3 1:1

Die leerder moet in staat wees om rakende 'n geselekteerde tema rakende Afrika-geskiedenis:

- wetenskaplike feitekennis in te win en met insig die samehang van verbandhoudende sake aan te duі.
- historiese vraagstukke te kan identifiseer, analiseer, evaluateer en op kreatiewe wyse voorstelle te kan maak om probleme op te los.
- as 'n doeltreffende leerder die noodsaklikheid van lewenslange leer te besef.
- om 'n eie denkkraamwerk te kan verwoord en te verantwoord met verwysing na die Christelike en ander lewensbeskouings.

GESK625: GESKIEDENIS: WÊRELDGESKIEDENIS: 'N GESELEKTEERDE TEMA

Pk 1X3 1:1

Die leerder moet in staat wees om rakende 'n geselekteerde tema oor wêreldgeskiedenis:

- wetenskaplike feitekennis in te win en met insig die samehang van verbandhoudende sake aan te duі.
- historiese vraagstukke te kan identifiseer, analiseer, evaluateer en op kreatiewe wyse voorstelle te kan maak om probleme op te los.
- as 'n doeltreffende leerder die noodsaklikheid van lewenslange leer te besef.
- om 'n eie denkkraamwerk te kan verwoord en te verantwoord met verwysing na die Christelike en ander lewensbeskouings.

GESK626: CAPITA SELECTA

Pk 1X3 1:1

Die leerder moet in staat wees om op interdissiplinêre vlak die verbande tussen een sogenoemde grenswetenskap en die Geskiedwetenskap raak te sien en aan te toon op welke wyse dié betrokke grenswetenskap die historikus se taak om die verlede te verstaan en te rekonstrueer kan ondersteun.

GESK627: GESKIEDENIS: NAVORSINGSPROJEK

Pk 1X3 1:1

Die leerder moet in staat wees om 'n navorsingsprojek van beperkte omvang te voltooi deur inligting in te samel, te analiseer, evalueer, sintetiseer en in 'n skriftelike en mondelinge verslag rekenskap te gee van die navorsing.

L.1.59 KOMMUNIKASIESTUDIES

KOMF611: FUNDAMENTELE KOMMUNIKASIETEORIE

1X3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om

- die prosesse van teoriekonstruksie en die funksies en doel van teorie binne die kommunikasiedissipline te kan verduidelik;
- geselekteerde teorieë te kan ontleed, vergelyk en op bepaalde situasies te kan toepas;
- die breë uitgangspunte wat binne bepaalde teoretiese denkrichtings bestaan, kritiese te kan bespreek;
- die verband tussen teorie, navorsing en toepassing in die praktyk te begryp, en teoretiese argumente duidelik te kan formuleer en motiveer.

KOMJ611: MEDIAREG EN ETIEK

Pk Deelnamepunt is eksamenpunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om

- 'n deeglike begrip te demonstreer van die etiese probleme waarmee die joernalis te doen kry en hoe om dit te hanteer;
- te kan aantoon watter etiese kodes joernaliste se werk wêreldwyd rig;
- belangrike gevalle krities te kan bespreek wat in die jongste jare deur die Persombudsman van Suid-Afrika en interne ombudsman gehanteer is;
- 'n deeglike begrip te demonstreer van die grondwetlike konteks waarbinne mediapraktisyens in Suid-Afrika funksioneer en die implikasies vir joernalistiek; en
- die feite rakende belangrike medialastersake te kan weergee en die beginsels van mediareg te kan toepas.

KOMJ622: JOERNALISTIEK : MEDIA EN SAMELEWING

Pk Deelnamepunt is eksamenpunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om

- deeglike kennis en begrip te hê van die veranderende konteks waarin Suid-Afrikaanse joernaliste funksioneer;
- kennis en begrip te toon van teoreties-filosofiese kwessies rakende die begrip nuus, asook van etiese kwessies rakende die mediapraktyk en kwessies soos mediaglobalisasie, mediaeffek en die winsmotief;
- kennis en begrip te toon van die teoreties-filosofiese kwessies soos media en demokrasie, transformasie, die begrip nuus, globalisering, media-effekte, die winsmotief en die oriëntasiefunksie van joernalistiek.

KOMJ671 JOERNALISTIEK: PRAKTYK EN TOEPASSING

Pk Deelnamepunt is eksamenpunt

Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om

- kennis en vaardighede te kan demonstreer in die skryf van verskillende tipes berigte, artikels en opskrifte vir die gedrukte media, met spesifieke klem op gemeenskapskoerante;
- subwerk te kan verrig soos van 'n intreejoernalis verwag kan word;
- elektroniese bladopmaaktegnieke te kan demonstreer in die uitleg van 'n koerant en tydskrif;
- vaardigheid te kan demonstreer in die skryf en saamstel vir nuusbulletins, met spesifieke klem op gemeenskapsradiostasies;
- bruikbare fotos vir 'n gemeenskapskoerant te kan neem.

KOMK611: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIEBESTUUR

Pk 1x3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om

- kommunikasieveldtogene te kan opstel, integreer, implementeer en te kan bestuur;
- interne- sowel as eksterne kommunikasie te kan ontleed, verstaan en te kan bestuur, en aanbevelings te kan maak oor die bestuur van korporatiewe beeld en identiteit.

KOMK621: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIEBESTUUR: KONTEKS EN TOEPASSING

Pk 1x3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om gemeenskapsverhoudinge, ontwikkelingskommunikasie en korporatiewe sosiale investering, staatskommunikasie, beleggers-en finansiële kommuniasie, wergewer- en werknehmerskommunikasie, te verstaan en te kan toepas binne die Suid-Afrikaanse konteks.

KOMK622: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE: MONDELINGE VOORLEGGINGS

Pk 1x2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om

- hoorbaar, verstaanbaar en met oortuiging mondeling te kan kommunikeer in 'n kleingroep en in die openbaar, en
- hulle behoort ook 'n mondelinge voorlegging te kan doen.

KOMM612: KORPORATIEWE MEDIA: TEORETIESE GRONDSLAE

Pk 1x2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om

- die oorsprong en geskiedenis van nuwe media te verstaan, die belangrike konsepte en terminologie te ken en die unieke eienskappe daarvan te kan beskryf;
- die implikasies van nuwe media vir die teorie van kommunikasie te kan verduidelik, sowel as die rol van interaktiwiteit as kenmerk van nuwe media te kan bespreek;
- die sosiale, institusionele en kulturele gevolge van nuwe mediaontwikkeling te verstaan en die sosiologiese, kritiese en internasionale gevolge daarvan kan verduidelik;
- die konsep globalisasie te kan verduidelik, sowel as die verhouding daarvan tot nuwe media;
- die implikasies te verstaan van nuwe media op die praktyk van korporatiewe kommunikasie;
- standpunt te kan inneem vir of teen die gebruik van nuwe media vir ontwikkelingsdoeleindes in Afrika;
- etiese en wetlike aspekte in die gebruik van nuwe media te verstaan en te kan evalueer.

KOMM621: KORPORATIEWE MEDIA: TOEGEPASTE WEBBLADPUBLISERING EN -BESTUUR

Pk 1x3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om

- 'n korporatiewe webblad met verskeie webbladredigeerders te kan skryf, ontwerp, publiseer en bestuur;

- tweede generasie webpublisering en netwerkskakeling te kan toepas;
- begrip te toon van die verwantskap tussen die korporatiewe webblad en ander korporatiewe media.

KOMM671: KORPORATIEWE MEDIA: SKRYFWERK

Pk Deelnamepunt is eksamenpunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om

- kennis en begrip te hê van die plek, belang, omvang en vereistes van personeelblaie, brosjures, jaarverslae ens.;
- vaardig te wees in die skryf van mediaverklarings, berigte en artikels vir personeelblaie;
- vaardig te wees in die samestelling en rekenaarmatige uitlet (DTP) van 'n personeelblad, brosjures, jaarverslae ens.;
- verskillende soorte korporatiewe media binne 'n korporatiewe skryfkonteks te kan toepas.

KOMN671 NAVORSINGSPROJEK

Pk Deelnamepunt is eksamenpunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om oor 'n beperkte kommunikasieprobleem met die relevante wetenskaplike metode selfstandig te kan navorsing doen en 'n verslag daaroor te kan skryf.

KOMN672 TOEGEPASTE KOMMUNIKASIENAVORSING

Pk Deelnamepunt is eksamenpunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om

- 'n navorsingsvoorlegging vir die doeleindes van marknavorsing binne 'n korporatiewe omgewing op 'n wetenskaplike en professionele manier op te stel en voor te dra aan 'n kliënt;
- verskillende soorte steekproewe te kan trek;
- verskillende soorte kwantitatiewe meetinstrumente vir die doeleindes van marknavorsing te kan opstel;
- kwantitatiewe data-insamelingsmetodes vir die doeleindes van marknavorsing te kan toepas;
- eenvoudige statistiese verwerking en interpretasie van marknavorsingsdata te kan uitvoer;
- 'n wetenskaplike navorsingsverslag te kan skryf en professioneel voor te dra aan 'n kliënt.

KOMO611: ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE: TOEPASSING

Pk 1x3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om

- ontwikkelingskommunikasiebeginsels en praktyke te ontleed en toe te pas binne die konteks van regerings- en nie winsgewende organisasies;
- korporatiewe sosiale investering binne die konteks van ontwikkelingskommunikasie te verstaan en implementeer;
- etiese kwessies binne die konteks van ontwikkeling te evalueer.

KOMO621: ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE: FUNDAMENTELE UITGANGSPUNTE

Pk 1x3 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om

- die belangrikste teorieë binne die vakgebied van ontwikkelingskommunikasie te identifiseer en kritis te evalueer;
- bogenoemde teorieë binne spesifieke ontwikkelingskontekste (bv. vroue, gesondheid, landbou) te kan toepas en sodoende ook bestaande ontwikkelingsprogramme te evalueer.

KOMO671 GEVORDERDE ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE

Pk Deelnamepunt is modulepunt

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om

- die belangrikste navorsingsmetodes in ontwikkeling te gebruik om 'n profiel van die polities, ekonomiese en maatskaplike eienskappe van 'n ontwikkelende gemeenskap op te stel en die implikasies daarvan vir ontwikkelingsprojekte aan te dui.
- opleidingswerkwinkels te kan beplan en faciliteer;

- 'n kommunikasieplan vir 'n ontwikkelingsprojek te ontwikkel;
- voorleggings aan organisasies/individue te maak, ten einde fondse vir ontwikkelingsprojekte te werf;
- die basiese beginsels van projekbestuur te kan toepas om vanuit 'n kommunikasieperspektief, 'n ontwikkelingsprojek te beplan, ontwikkel, bestuur en om waar nodig aanpassings en voorstelle te maak;
- om voorstelle te maak wat die volhoubaarheid van projekte in die ontwikkelingsgemeenskap kan verhoog.

KOMP621: PROFESSIONELE OPTREDE VIR DIE PRAKTYK

Pk 1x2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om

- kennis en begrip toon van die wetlike, politieke en kontekstuele faktore wat indiensnemingsmoontlikhede, toetreden tot en funksionering in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark beïnvloed;
- 'n professionele CV en persoonlike portefeuilje kan saamstel met die oog op werksoek;
- kennis en begrip toon van die etiese eise van die kommunikasiepraktyk; en
- bewys lewer van 'n aanvaarbare houding jeens die kommunikasiepraktyk.

KOMV623: FILMTEORIE EN -KRITIEK

Pk 1x2 2:1

Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om

- basiese terminologie ten opsigte van rolprentteorie en visuele geletterdheid te verstaan en tot toepassing kan bring in die skryf van filmresensies;
